# 5. DIE SAMELEWINGSTEORETIESE MODEL AS TOETSMAATSTAF VIR DIE HANTERING VAN OUER-ONDERWYSERKONTAK IN DIE LOOP VAN DIE GESKIEDENIS EN IN ENKELE ANDER LANDE

## 5.1 Inleiding

Die samelewingsteoretiese model wat in Hoofstuk 3 uiteengesit en in Hoofstuk 4 fenomenologies geverifieer is, word in hierdie hoofstuk as evalueringsmaat= staf aangewend om die geskiedenis van ouer-onderwyserkontak[1] in die onderwys= wese onder Blankes in die RSA te toets.

Die geskiedenis van ouer-onderwyserkontak in Suid-Afrika word na aanleiding van ondergenoemde[1] navorsing in oënskou geneem. Daar word in hierdie hoofstuk veral gekonsentreer op diê onderwysgeskiedenishoogtepunte en -wette wat direk verband hou met ouer-onderwyserkontak (i.c. ouerbetrokkenheid en ouerseggenskap) met die oog daarop om diê eksemplare te evalueer aan die hand van die samele= wingsteoretiese grondslag soos dit in Hoofstuk 3 omlyn is.

Voorts word daar in hierdie hoofstuk besin oor ouer-onderwyserkontak in twee oorsese lande, te wete die Verenigde State van Amerika en Wes-Duitsland. In paragraaf 5.4.1 word gemotiveer waarom juis diê twee lande gekies is. Die ouer-onderwyserkontak in diê twee oorsese lande word in oënskou geneem om 'n wyer perspektief op die navorsingsprobleem te verkry. (Vgl. paragrawe 5.4.2.3 en 5.4.3.3).

## 5.2 'n Historiese oorsig en toetsing van ouer-onderwyserkontak in Suid-Afrika (1652-1910) aan die hand van die omlynde samelewingsteoretiese model

### *5.2.1 Oriëntering*

By die bestudering van die geskiedenis van ouerbetrokkenheid in die Suid-Af=

---

1) By ouer-onderwyserkontak word in hierdie hoofstuk, waar die geskiedenis van ouerbetrokkenheid in Suid-Afrika se opvoedende onderwys ter sprake is, ook ingesluit ouerseggenskap as faset van onderwysbeheer. Ouerseggenskap as sodanig is konkreet waarneembaar en die geskiedenis daarvan is reeds deur verskeie opvoedkundiges (Barnard, 1979; Hattingh, 1975 en 1978; Kritzinger, 1984; Landman, 1984; Postma, 1983(a); Schutte, 1984; Sny= man, 1976 en Van der Walt, 1984 en 1985) nagevors en geboekstaaf. Ouer-onderwyserkontak en ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys word in Hoofstuk 4, behalwe waar anders aangedui, as sinonieme begrippe gebruik. (Vgl. paragraaf 1.6.3).

rikaanse onderwyswese word dit duidelik dat daar, volgens Schutte (1984(a): 35-36) twee onderskeie onversoenbare benaderings ten opsigte van die ouer se betrokkenheid by opvoedende onderwys was en nog steeds is. Hierdie twee rig= tings kan soos volg beskrywe word:

* Die tradisionele benadering wat deur Jan van Riebeeck aan die Kaap gevestig is, naamlik die reformatoriese, Calvinistiese, Skrifgefundeerde opvoedende onderwys waar die verbondsouer verantwoordelik is vir alle opvoeding en onderwys van sy kind, veral ten opsigte van die Christelike karakter van onderwysers en skole. Hierdie benadering het as grondslag die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing deur die genadewerking van die Heilige Gees. (Postma, 1983(a): 130-131 en 140-141).

* Daarteenoor die liberaal-gesinde benadering van die Engelse/Engels-georiënteerde regerings, waar die opvatting was "dat die kind net sowel die eiendom en verantwoordelikheid van die staat is en gevoed en opgevoed moet word om gemeenskap, staat en wêreld te dien en daarin te pas" (Schutte, 1984(a): 35). Van Staden (1974: 29) wys daarop dat in Transvaal, gedurende en na die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) staatskole en gesentraliseerde beheer oor onderwys die meer demokratiese ouerseggenskap vervang het. Die dryf= krag van hierdie liberale lewensopvatting wat hom laat geld het in die on= derwyswese is die natuur- vryheid- religieuse grondmotief. (Postma, 1983(a): 140-141).

In die volgende paragrawe word daar besin oor hierdie twee rigtings se invloed op die onderwysgeskiedenis (met die klem op ouerbetrokkenheid) van die Kaapse, Transvaalse, Natalse en Oranje-Vrystaatse onderwyswese. Telkens word elke situasie wat verband hou met ouer-onderwyserkontak geëvalueer aan die hand van die samelewingsteoretiese model soos dit in Hoofstuk 3 aangedui is.

### *5.2.2 Ouer-onderwyserkontak in die Kaapse onderwyswese*

#### 5.2.2.1 Inleiding

Ouer-onderwyserkontak of ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in die Kaap= kolonie word in die volgende vier tydperke ingedeel:

* Die Nederlandse bewind, 1652-1795.

* Die Eerste Britse bewind, 1795-1803.

* Die Bataafse bewind, 1803-1806.

* Die Tweede Britse bewind, 1806-1910.

5.2.2.2 Ouer-onderwyserkontak tydens die Nederlandse bewind, 1652-1795

Gedurende die Nederlandse bewind is skole in ooreenstemming met die destydse gebruik in Nederland, gestig en in stand gehou deur die Gereformeerde Kerk met 'n sterk reformatoriese tradisie. Die hoofdoel van diê skole se (opvoe= dende) onderwys was godsdiensonderrig met die oog op die aflegging van geloofs= belydenis. Daarom was die skole se plaaslike beheer in die hande van plaas= like kerkrade. Die kerk was onder staatsbeheer, want die regering het predi= kante aangestel en besoldig. Die Nederlanders wat onder leiding van Jan van Riebeeck na die Kaap gekom het, het in 1652 die gereformeerde staatskool aan die Kaap geplant. Hierdie stelling, naamlik dat die stigting van gereformeerde staatskole plaasgevind het, kan gemaak word op grond van die feit dat die re= gering die gesag was van wie die onderwys uitgegaan het, maar die oprigting, instandhouding en die beheer van skole op plaaslike vlak was die verantwoorde= likheid van plaaslike kerkrade. (Hattingh, 1978: 36-37 en Van der Walt, 1985: 32).

- Evaluering

Die samelewingsteoretiese model (vgl. Hoofstuk 3) bepaal onder andere dat ouer-onderwyserkontak religieus gebonde is, die beginsel van soewereiniteit in eie kring moet erken en dat die ouerhuis en skool op grond van eie unieke struk= ture, wat verskil van diè van ander samelewingsverbande, elkeen sy eie kompe= tensieterrein het.

Getoets aan die samelewingsteoretiese model of "sleutel" kan die volgende kri= tiese evaluering van die Kaapkolonie se onderwyswese gedurende 1652-1795 ge= maak word:

+ Religieus was die opvoedende onderwys aan God drie-enig gebind, want die Kaapkolonie se inwoners (insluitende die regering, ouerhuise, skole en kerke) het die soewereiniteit van God oor alle lewensterreine erken.

+ Alhoewel die skool van daardie tyd gekwalifiseer is deur die pistiese funk= sie (godsdiensonderrig vir belydenis van geloofaflegging) beteken dit nie dat die logies-analitiese (ontsluitings=) funksie wat in Hoofstuk 3 as die

bestemmingsfunksie van die skool aangetoon is, daarmee verval het nie. As gevolg van die tradisionele gebruik van daardie tyd (naamlik die gere=formeerde staatskool) het die skool in die Kaapkolonie in diens van die kerk tog sy verwagte taak verrig, al was die skool, prinsipieel verkeerde=lik, in diens van die kerk.

\+ Die ouers kon deur middel van die kerk(-rade) die implikasies wat hulle doopbelofte inhou, nakom, naamlik om toe te sien dat die gees en rigting van die skole ooreenstem met die belydenis van hulle kerk en met hulle lewens=opvatting.

5.2.2.3 Die Eerste Britse bewind, 1795-1803

Weens politieke onstabiliteit in Europa na die Franse Rewolusie (1789-1795) kon Engeland met hierdie eerste oorname van die Kaapkolonie geen noemenswaardige veranderinge aanbring in die bestaande onderwystoestande nie; gevolglik het die Skolarge[1] voortgegaan om die onderwys te behartig.

5.2.2.4 Die Bataafse bewind, 1803-1806

J.A. de Mist, wat sy Skoolorder op 11 September 1804 as 'n Ordonnansie laat afkondig het, word deur Barnard (1979: 17) as een van die belangrikste onder=wyshervormers in die Suid-Afrikaanse onderwysgeskiedenis beskou. De Mist het met sy onderwysbeleid nuwe Wes-Europese rewolusionêre idees aan die Kaap inge=dra, naamlik elemente van die liberaal-humanistiese, rasionalistiese en nasio=nalistiese opvattings. Die doel van die onderwys het verskuif van die bely=denis van geloofaflegging na vaderlandsliefde en ideale staatsburgerskap. Die staat het dus die verantwoordelikheid vir die beheer van onderwys van die ouers en die kerk oorgeneem. Die eertydse gereformeerde staatskool is verander na 'n liberale staatskool, 'n duidelike uitwerking van die natuur- vryheidgrondmo=tief. (Vgl. paragraaf 4.2.1).

\- Evaluering

---

1) Die Raad van Skolarge het bestaan uit die sekundus aan die Kaapkolonie, die kaptein van die Garnisoen en die predikant. Hierdie Raad moes die onderwys namens die Goewerneur en die Politieke Raad behoorlik beheer. (Barnard, 1979: 8).

Dit is duidelik dat die beginsel van soewereiniteit in eie kring (vgl. para=graaf 3.2.4) tydens die Bataafse bewind in gedrang gekom het, want nie slegs word die gesins- en ouerverantwoordelikheid ten opsigte van die opvoedende onderwys van die kinders ingekort nie, ook die kerk se betrokkenheid word gering geag terwyl die staat se seggenskap oorbeklemtoon of verabsoluteer word. God as soewereine heerser oor samelewingsverbande word by implikasie nie erken nie. Die skool van De Mist skyn juridies in plaas van logies-analities gekwalifiseer te wees, en dit kon die Afrikanerouers nie aanvaar nie. Dit was onder andere een van die oorsake van die latere Groot Trek, want die tweede Engelse bewind het op hierdie (valse) beginsel voortgebou, soos in die volgende paragraaf aangetoon sal word. 'n Skool wat primêr in diens van die staat is en waar ouerinspraak en -seggenskap nie tot sy reg kan kom nie, kon nie die toets van die beginsel deurstaan nie. (Vgl. die samelewingsteoretiese model soos omlyn in Hoofstuk 3).

5.2.2.5 Die Tweede Britse bewind, 1806-1910

'n Volledige uiteensetting van die verengelsings- en denasionaliseringsbeleid aan die Kaapprovinsie is vir hierdie navorsing nie relevant nie. (Vgl. para=graaf 5.2.1). Slegs ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys en sake wat daar=mee verband hou, word uitgelig en krities in oënskou geneem.

Wat van belang is in diê tyd, is die totstandkoming van verskillende soorte skole, naamlik Engelse vry skole, voorleserskole (die ou kosterskole) en pri=vaatskole, terwyl die boerebevolking van die binneland steeds van rondtrekkende boereskoolmeesters gebruik gemaak het. Die vry Engelse skole het Engelse onder=wysers gehad wat deur medium van Engels onderrig het. Die rol wat die ouerhuis en die kerk in die beheer van onderwys gespeel het, was gering, want die plaaslike skoolkommissies is deur die Kaapse regering aangestel en was onder=horig aan die Goewerneur. (Hattingh, 1978: 38).

In 1839 het 'n belangrike voorwaartse stap, naamlik die totstandbringing van 'n volwaardige Onderwysdepartement die administrasie en organisasie van die on=derwys op 'n stewige fondament geplaas - dog die onderwys was totaal verengels. Hierdie verengelsing van die openbare skole het die Hollandse (i.c. Afrikaanse) ouers nie aangestaan nie en teen 1841 was daar baie Hollandse privaatskole[1].

---

1) Net in die Caledonse distrik was daar teen 1841 50 privaatskole met onge=veer 400 leerlinge. (Barnard, 1979: 26).

Die verengelsings- en denasionaliseringsbeleid van die Engelse regering in die Kaapkolonie was een van die belangrikste redes wat aanleiding gegee het tot die Groot Trek. (Van der Walt, 1985: 32).

Die tydperk vanaf 1839 tot 1910 is op onderwysvlak sterk deur James Rose-Innes, Langham Dale en Thomas Muir as Superintendente van Onderwys in die destydse Kaapprovinsie beïnvloed. Gedurende diê tyd het die Engelse deïstiese lewensbe= skouing wat uitgeloop het op 'n meganistiese skeiding van kerk en wêreld, ook sy invloed op die Kaapkolonie se onderwyswese gehad. Die regering (i.c. die Onderwysdepartement onder leiding van die Superintendente van Onderwys) het 'n prominente rol gespeel in die beheer van opvoedende onderwys en die rol van die ouerhuis en kerk was gering. So het die superintendente direkte beheer oor alle interne skoolsake, soos byvoorbeeld onderwys en dissipline gehad. (Hat= tingh, 1978: 38; Snyman, 1976: 39-41 en Van der Walt, 1985: 34-36).

Die ouerhuis en die kerk het elkeen sy eie gebied gehad wat nie die direkte betrokkenheid van ouers en predikante en lidmate by die opvoedende onderwys van kinders ingesluit het nie - dus 'n duidelike dualistiese benadering. Eers in 1905 is skoolrade waarin ouers ook verteenwoordig kon word, ingestel. Plaaslike skoolkommissies, wat deur ouers verkies is, het bly voortbestaan en het noemenswaardig meer seggenskap, soos die toesig oor skole wat onder hul= le geressorteer het en die aanbeveling oor die aanstelling van onderwysers, ver= kry. (Hattingh, 1978: 38).

- Evaluering

Dieselfde kritiek wat teen die Bataafse bewind in paragraaf 4.2.2.4 uitge= spreek is, geld ook vir die Tweede Britse bewind aan die Kaapkolonie, naamlik dat die staat se rol in die onderwys so oorheersend was dat die eensydige ver= engelsing en denasionalisering 'n verontregte ouer- en kerkgemeenskap tot gevolg gehad het. Diê verabsolutering van die staatsmag het as resultaat die stig= ting van privaatskole en die uiteindelike Groot Trek van Hollands-Afrikaanse burgers gehad.

Daarby moet gevoeg word dat die Engelse deïstiese lewensopvatting die kerk en die "wêreld" (i.c. onderwys) wou skei. Die deïsties-religieus gekleurde le= wensopvatting van die Tweede Britse bewind is in stryd met wat in Hoofstuk 3 as 'n Skrifgefundeerde samelewingsteoretiese model geformuleer is, want die een

samelewingsverband (die staat) het sy mag oorkoepelend (probeer) uitoefen oor die skool, die ouerhuis en die kerk en sodoende is die beginsels van verskei=denheid in die skepping (kyk paragraaf 3.2.6), gelykwaardigheid van samelewings=verbande sowel as universaliteit in eie kring (vgl. paragraaf 3.2.5) nie er=ken en toegepas nie.

Laasgenoemde beginsel van universaliteit in eie kring vereis dat die ouerhuis en die kerk by die opvoedende onderwys van kinders en dooplidmate ook 'n etiese en pistiese belang by die skool moet hê. Die staat kan nie alleenlik 'n oorkoe=pelende belang by die skool hê nie, anders kan die staat verkeerdelik nader=hand net sy eie (juridiese) belang bevorder. (Vgl. in die verband die kom=munistiese onderwysstelsel: Van Wyk, 1979: 36-85; Roos, 1979: 73-83). Uit=eindelik strek so 'n benadering nie tot eer van God nie en ware naastediens kom nie tot sy reg nie.

Soos aangetoon in die vorige paragrawe, was die ouerbetrokkenheid (i.c. ouer-onderwyserkontak) gedurende die Tweede Britse bewind nie in ooreenstemming met die beginsels, wat in die samelewingsteoretiese model soos dit in Hoofstuk 3 beskrywe is, nie. Alle gegewens dui daarop dat as 'n humanistiese samele=wingsteorie die opvoedende onderwys beheers, daar bepaalde gebreke ontstaan, terwyl 'n Skrifgefundeerde samelewingsteorie die potensiaal het om samelewings=verbande (byvoorbeeld die staat, skool, ouerhuis en kerk) sinvol, ten opsigte van die opvoedende onderwys te laat saamwerk.

### *5.2.3 Ouer-onderwyserkontak in die Transvaalse onderwyswese*

#### 5.2.3.1 Inleiding

Gedurende en na die Groot Trek het die Trekkers, wat in hulle wese onafhanklike en godsdienstige mense was, hulle onderwysbeleid in Transvaal in ooreenstem=ming met die Christelik-nasionale lewensbeskouing gereël. 'n Onderwyspraktyk het in Transvaal (die latere Zuid-Afrikaansche Republiek) herleef, soos dit in Kaapland voor die Bataafse bewind en die Eerste Britse bewind bestaan het. (Steyn, Van der Walt, Dekker en Steyn, 1981: 73). Volgens die Christelik - nasionale lewens- en wêreldbeskouing het die gesin, die kerk en die staat elkeen afson=derlik en almal gesamentlik spesifieke verantwoordelikhede ten opsigte van die opvoedende onderwys gehad wat dui op die (destydse intuïtiewe?) Skrifgefundeer=de samelewingsteoretiese beskouing of grondslag. Om presies vas te stel in watter mate en op watter wyse veral ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys

werksaam was, word die geskiedenis van die onderwyswese in Transvaal oorsigte= lik in oënskou geneem met die klem op die volgende onderskeie tydperke en wette:

* Die tydperk voor 1860.
* Modernisering van die onderwys, 1860-1880.
* Die Du Toit-onderwyswet (Wet 1 van 1882).
* Die Mansvelt-tydperk, 1891-1899.
* Die Christelik-nasionale onderwys- of CNO-beweging, 1901-1906.
* Die Smuts-onderwyswet (Wet 25 van 1907).

5.2.3.2 Die tydperk voor 1860

Gedurende hierdie tydperk was daar in Transvaal nog nie werklik sprake van 'n georganiseerde skoolstelsel, doelmatige skoolgeboue en -meubels nie. Ten spyte van bogenoemde tekortkominge het die Afrikanerouers hulle kinders opge= voed "in gehoorsaamheid en eerbied vir gesag; in liefde vir hulle volk en nuwe vaderland, maar bowe-al in die vrees van die Here" (Barnard, 1979: 45).

Die sporadiese formele onderwys[1)] wat daar wel gedurende hierdie tydperk was, het nie veel verder gestrek as dat boere soms 'n private huisonderwyser vir on= geveer drie tot ses maande gehuur het nie. In hierdie gevalle was die ouers die direkte toesighouers, die staat en die kerk kon vanweë armoede en verskeie ander politieke redes (onder andere die stryd om leierskap tussen A.H. Pot= gieter en A.W.J. Pretorius) nie enige betekenisvolle rol in die onderwyswese speel nie. (Barnard, 1979: 44-45).

Alhoewel die ouers as primêre opvoeders van hulle verbondskinders die volle verantwoordelikheid van hulle kinders se opvoedende onderwys aanvaar het, kon hulle uiteraard nie veel meer doen as om hulle kinders voor te berei tot kerk= lidmaatskap en om waardige burgers van die Republiek te wees nie. Van die vol= ledige ontsluiting van die normatiewe aktstruktuur en veral van die logies-

---

1) Daar was wel, volgens wet, 'n Algemene Kommissie vir Onderwys *benoem* wat verantwoordelik was vir die toesig oor goewermentskole in Transvaal. (Barnard, 1979: 37 en Hattingh, 1978: 39).

analitiese vermoëns van die kinders in skole kon daar nog nie veel tereg kom nie.

- Evaluering

Geëvalueer aan die hand van die samelewingsteoretiese model (Hoofstuk 3) as maatstaf, was daar in Transvaal nog nie volwaardige skole nie, die skole wat daar was, was eintlik niks meer as "ouerhuisskole" nie. Tôg het hierdie opvoe= dende onderwys vir die besondere eise van daardie tyd voorsiening gemaak en is God as soewereine heerser oor die totale skepping erken.

5.2.3.3 Modernisering van die onderwys, 1860-1880

In 1858 het Transvaal sy formele naam, naamlik "De Zuid-Afrikaansche Republiek" (ZAR) gekry. Daar was egter nog baie politieke onenighede en veral die moderne onderwyswet van ds. Thomas Francois Burgers, wat op 1 Julie 1872 staatspresi= dent geword het, word in oënskou geneem. Dit is belangrik omdat heelwat van die woelinge op onderwysgebied om hierdie wet gewentel het.

Wet 4 van 1874 (Burgers-onderwyswet) word deur Barnard (1979: 46) bestempel as 'n liberale en vrysinnige onderwyswet. As die wet self ondersoek word, is dit duidelik dat die regering die finale beheer van opvoedende onderwys alleen wou behartig en godsdiensonderrig uit die skool wou weer[1]. Die verdere geskiede= nis van Transvaal het geleer dat die Transvaalse ouers geweier het om hulle kinders in die nie-Christelike skole van Burgers te plaas en die private huis= onderwysers het veral toe in getalle toegeneem. Hierdie wet is lateraan fi= naal herroep deur Wet 10 van 1880. (Barnard, 1974: 26; Barnard, 1979:46 en Snyman, 1976: 44).

---

1) Algemene bepaling, artikel 18 van Wet 4 van 1874, bepaal dat die Regering verantwoordelik is vir die aanstelling van onderwysers wat salaris van die goewerment ontvang.
Algemene bepaling, artikel 69 (*in* Barnard, 1974: 27e.v.) bepaal verder dat die Superintendent-Generaal van opvoeding "belast is met het opper= toezigt over de Scholen, met de regering van het onderwijs, met de gelde= lijke en algemeene administratie van de depôts; zorgt voor de geregelde opzending van de maandstaten en copie-registers der scholen"
Algemene bepaling, artikel 26 bepaal dat geen godsdiensonderwys *gedurende* skoolure gegee mag word nie.

- Evaluering

Die weerstand van die Afrikanerouers van Transvaal teen die liberale en vrysin= nige Burgers-onderwyswet van 1874 het bewys daarvan gelewer dat die Afrikaner= ouers eerstens nie genoeë geneem het met die voorneme van die regering om opvoedende onderwys in skole staatsonderhorig te maak nie. Die skool, net soos die staat, die ouerhuis en die kerk, is aan God se wet (vir samelewings= verbande) onderworpe en nie aan die "oppertoezigt" van die regering nie. (Vgl. paragraaf 3.2.3).

Die doopbelofte wat ouers afgelê het, het hulle verplig om toe te sien dat hul= le kinders Christelike opvoedende onderwys in skole ontvang; daarom kon die Afrikanerouers in die tweede plek nie die beoogde neutrale opvoedende onderwys van die Burgers-onderwyswet aanvaar nie. Skoolse opvoedende onderwys behels, volgens die struktuurwet van die skool as samelewingsverband (vgl. paragraaf 3.3.4.5.4), die ontsluiting en begeleiding van al vyftien die modaliteits-funksies van die kind; daarom is die (gewaande) weglaat van die ontsluiting en begeleiding van die pistiese vermoëns van die kind onaanvaarbaar. Volgens al bogenoemde aanduidings, is dit dus 'n geregverdigde afleiding om te beweer dat die Afrikanerouers wat hulleself verantwoordelik vir die totale Christelike opvoedende onderwys van hulle kinders geag het, om gemelde redes die Burgers-onderwyswet verwerp het.

5.2.3.4 Die Du Toit-onderwyswet (Wet 1 van 1882)

Op 13 Maart 1882 het S.J. du Toit, eertydse predikant van die Paarl, Superin= tendent van Onderwys van die ZAR geword. Nadat Du Toit bedank het, het H. Stiemens met ingang 31 Januarie 1888 waargeneem as Superintendent van Onderwys. Volgens Barnard (1979: 72-73) was die primêre doel van formele skoolonderwys (soos afgelei kan word uit die Du Toit-Stiemens-skoolstelsel) nog steeds voor= bereiding vir die aflegging van geloofsbelydenis, maar in breër perspektief gesien, was die doel van veral die Du Toit-onderwyswet "die lê van die grond= slag van 'n Christelike lewensbeskouing en lewenspraktyk".

Du Toit het volgens Van der Walt (1984: 83) die standpunt gehuldig dat die ouers onder toesig van die kerk (vgl. ook Coetzee, 1975: 290) die gees en die rigting van die skool moes bepaal. Hier word dus nog steeds gehou aan die

gereformeerde staatskoolgedagte van die destydse Nederlandse bewind (1652-1795).[1)]

- Evaluering

Die Du Toit-onderwyswet was primêr in diens van mense met 'n Christelik-nasio=nale lewensopvatting, dus in ooreenstemming met die gees en rigting van die Af=rikanerouerhuise van daardie tyd. Tereg beweer Van der Walt (1984: 84) dat hierdie wet staatsdwang impliseer en daarom in stryd is met die beginsel van soewereiniteit in eie kring, want 'n staat mag nie opvoedende onderwys se gees en rigting bepaal nie. Die bepaling en vasstelling van die gees en die rigting van die opvoedende onderwys in skole is die prerogatief van die bepaalde skole se ouers, want "as die staat hom die reg toeëien om dit te doen, kan die skool=onderwys nie slaag nie omdat daar in elke land kultuurgroepe is wat nie saam=gevoeg kan word nie" (Van der Walt, 1984: 84).

Die erkenning van die professionele onderrigterrein van die opgeleide onderwy=ser waar ouers nie mag inmeng nie, is in ooreenstemming met die kompetensie=terreine van ouerhuis en skool soos bepaal in Hoofstuk 3 (paragrawe 3.3.3.4 en 3.3.4.4) en dit getuig van die fyn onderskeidingsvermoë van Du Toit. Hierdie Du Toit-onderwyswet het algemene byval gevind, alhoewel die ouers, volgens Hattingh (1978: 40) as gevolg van 'n gebrek aan ervaring in beheer en deur na=latigheid of onvermoë nie reg laat geskied het aan die hele stelsel van ouer=inspraak, -beheer en -betrokkenheid nie. Daarom was die staat genoodsaak om die leidende rol in die opvoedende onderwys van die ZAR se kinders te speel.

---

1) Bogenoemde afleidings van Barnard en Van der Walt word onderskryf op grond van die volgende algemene bepalings van Wet 1 van 1882 (Barnard, 1974: 59-72):

+ Artikel 1 bepaal dat die ZAR van die beginsel uitgaan dat dit die taak van die ouers is om te sorg vir die opvoedende onderwys van hulle kin=ders, maar beperk die ouers se toesig oor die skool tot finansiële en ander nie-professionele sake. Die ouers moes toesien dat die kinders die vereiste Christelike opvoeding ontvang. Godsdiensonderwys as so=danig (wat leerstellighede insluit) hoort egter tuis by die onderskeie kerke, dog die burgerlike onderwys moet in 'n Christelike gees gegee word.
+ Artikel 12 bepaal in verband met die aanstelling van onderwysers dat onderwysers aanbeveel word deur die plaaslike skoolkommissie en dat die Superintendent van Onderwys namens die skoolkommissie diê verkose onderwysers vir finale aanstelling aan die regering voorlê.
+ Artikel 13 bepaal wat die bevoegdhede van die Superintendent van Onderwys is en daar word nog steeds na sy oppertoesig oor skole verwys.

5.2.3.5 Die Mansvelt-tydperk, 1891-1899

N. Mansvelt was die laaste Superintendent van Onderwys van die ZAR en het op 1 Oktober 1891 diens aanvaar. Hy was van voorneme om die onderwys, gebou op die CNO-beginsels van die Du Toit-onderwyswet, stelselmatig te organiseer, administreer en finansieer. Sy groot bydrae met Wet 8 van 1892 (die Mansvelt-onderwyswet) was dan ook om die masjinerie vir die uitvoering van die CNO-be= ginsel te skep. (Barnard, 1974: 73; Barnard, 1979: 80).

Die latere Wet 15 van 1896 het, in teenstelling met Wet 1 van 1882 wat van regeringskant die wenslikheid van kerkrade se inspraak by die stigting van skole en die verkiesing van skoolkommissies benadruk het, geen besondere ver= antwoordelikheid aan kerkrade toegeken nie.

Mansvelt het verder die ouerverkose skoolkommissies se pligte afgebaken (vgl. artikels 20-23 van Wet 8 van 1892) en soos Du Toit, het hy geen reg aan die skoolkommissies verleen om toesig oor die professionele werk van die onderwy= ser te hou nie.

Die onderwys van die ZAR onder leiding van Mansvelt het (vgl. Postma 1983(a): 71) 'n bloeitydperk beleef omdat sy administrasie gesond was en hy daarin kon slaag om die CNO-beginsel beter as Du Toit in die praktyk te laat realiseer.

- Evaluering

Mansvelt het voortgebou op die CNO-beginsel wat impliseer dat hy met sy onder= wyswet die almag van God erken het. Die rede waarom die skool as skool gedu= rende die Mansvelt-tydperk gefloreer het, kan gesoek word in die feit dat Mansvelt se onderwyswet die Afrikanerkerk en -ouer van daardie tyd se opvoe= dingsverantwoordelikheid nie net verskans het nie, maar in ooreenstemming met die doopbelofte van die verbondsouers verwoord het.

Ten spyte van die feit dat die kerk by implikasie geen direkte verantwoorde= likheid ten opsigte van die opvoedende onderwys van dooplidmate se skole ver= kry het nie, en afgesien van die feit dat ouers se pligte ten opsigte van skole afgebaken is, was die Afrikanerouers en -kerke tevrede omdat die staat in ooreenstemming met hulle lewensopvatting die skole beheer het.

Alhoewel dit dus duidelik is dat die staat sy juridiese bevoegdheidsterrein

ten opsigte van die skool oorskry het en sodoende die beginsel van soewereini= teit in eie kring oortree het, was die Afrikanerouers tevrede. Hierdie toe= drag van sake het gedurende en na die Tweede Vryheidsoorlog verander toe die meer liberaal-gesinde Engelssprekende burgers met 'n holistiese kultuurdominant (Van der Walt, 1985: 34) op 'n neutrale onderwysbeleid aangedring het. (Vgl. ook die Smuts-onderwyswet - Wet 25 van 1907 wat in paragraaf 5.2.3.7 behandel word). Dit bevestig wat op grond van die samelewingsteoretiese model verwag kan word, naamlik dat die een samelewingsverband (hier die staat) nie buite sy kompetensieterrein aan 'n ander samelewingsverband (hier die skool) mag voor= skrywe nie, al is dit in ooreenstemming met 'n deel van die volk wat regeer word, se lewensopvatting. Volgens die bepalinge op grond van die struktuur en rig= ting van die ouerhuis lê dit binne die bevoegdheidsterrein van die ouers om die gees en rigting van die skool te bepaal.

5.2.3.6 Die Christelik-nasionale onderwys- of CNO-beweging, 1901-1906[1)]

E.B. Sargant is in November 1900 aangestel as onderwysraadgewer en hy en lord Viscount Milner het hulle na die Vrede van Vereeniging in 1902 daarop toegelê om die Britse imperiale gedagtes by die Afrikanerkinders ingang te laat vind, terwyl die CNO-beginsel en praktyk van Du Toit en Mansvelt geheel en al in die ban gedoen is.

Die Christen-Afrikanerouers het in reaksie op die verengelsingsbeleid van Sargant en Milner CNO-skole, wat 'n herlewing van die vooroorlogse onderwys was, gestig. Die Afrikaners wou hulle identiteit behou en was ongeneë om hulle kin= ders na vreemde goewermentskole met Engels as voertaal te stuur; daarom is CNO-skole tot in die verste uithoeke van Transvaal gestig.

Die gesentraliseerde verengelsde onderwysstelsel van die Britte was vir die Afrikanerouers onaanvaarbaar; daarom het hulle die stryd aangeknoop om veral hulle weggenome ouerseggenskap in die opvoedende onderwys van hulle kinders herstel te kry. Die direkte seggenskap van die ouers in die stigting van die CNO-skole en hulle onmiddellike verantwoordelikheid by sowel die aanstelling van geskikte onderwysers as by die bepaling van die gees en rigting van op= voedende onderwys, was van die resultate van hierdie stryd.

---

1) Navorsing in verband met die CNO-beweging is deur Postma (1983(a): 81-85) gedoen en in hierdie paragraaf word van relevante gegewens van bogenoemde navorsing gebruik gemaak.

- Evaluering

Ouerseggenskap, veral ten opsigte van die gees en rigting van opvoedende on= derwys in Transvaal, is vir die Afrikanerouers met die totstandkoming van die CNO-skole herstel. Die Engelse veroweraars het egter 'n ander/deïsties-holis= tiese lewensopvatting gehad en hulle het van die regering wat in hulle hande was, gebruik gemaak om hulle beleid van verengelsing en denasionalisering deur middel van opvoedende onderwys in staatskole af te dwing.

Die afleiding kan gemaak word dat iewers tussen diê twee standpunte, naamlik ouers wat alleen die opvoedende onderwys van hulle kinders (wou) behartig (CNO), en die staat wat slegs sy wette vir opvoedende onderwys (wou) laat geld (die Engelse veroweraar), die regte en ware standpunt, gegrond op die Skrifge= fundeerde samelewingsteoretiese model (vgl. Hoofstuk 3) moet lê. Die staat moet deur middel van sy juridiese magsfunksie ruimte en tyd skep vir die op= voedende onderwys van al sy onderdane, terwyl die ouers die reg moet hê om die gees en rigting van hulle kinders se opvoedende onderwys in ooreenstemming met die religie wat op hulle harte beslag gelê het, te bepaal.

Die verdere verloop van die onderwysgeskiedenis in Transvaal het gewys dat die CNO-skole agteruitgegaan het omdat die verarmde boerevolk nie die hoë onkoste wat aan die finansiële instandhouding van die CNO-skole verbonde was, kon by= dra nie. Die faktore wat vir die toestand verantwoordelik was, is die feit dat die Afrikanerouers nie staatsondersteuning in die vorm van subsidies en fasi= liteitsvoorsiening verkry het nie. Die verengelsings- en denasionaliseringsbe= leid van die Britse veroweraar is ook nie volgehou nie, juis vanweë die weer= stand van die CNO-gesinde Afrikanerouers en die meer gematigde onderwysbeleid van W.W.P. Selborne en J.C. Smuts wat later gevolg is.

5.2.3.7 Die Smuts-onderwyswet (Wet 25 van 1907)

Nadat selfbestuur aan die Transvaalkolonie in Desember 1906 toegestaan is, is generaal J.C. Smuts in 1907 benoem tot Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys. Hy het uitgebreide reise deur Transvaal onderneem en die Afrikaners in toesprake daarvan verseker dat die regeringskole alles kon bied wat in die CNO-beweging beliggaam was.

Smuts moes in sy onderwysbeleid 'n standpunt inneem wat beide Blanke groepe, naamlik die Afrikaans- en die Engelssprekende Transvalers, tevrede sou stel.

Wet 25 van 1907 (die Smuts-onderwyswet), wat basies voortgebou het op die begin= sels van Onderwysordonnansie 7 van 1903 wat 'n skepping van Sargant was om Milner se imperialistiese beleid te dien, en die Selborne-memorandum wat 'n neutrale staatsonderwysstelsel beoog het, is in 1907 sonder teenstem aanvaar. (Barnard, 1979: 117, Arnold, 1954: 29; Postma, 1983(a): 87-88).

Die volgende twee bepalings van die Smuts-onderwyswet is van belang vir die navorsingsprobleem en word daarom kortliks uitgelig en krities in oënskou ge= neem (Barnard[1)], 1974: 135-174):

+ Hoofstuk VII, Artikel 34 van Wet 25 van 1907 handel oor die bepalinge in verband met godsdiensonderrig in staatskole. Elke skooldag moes met Skrif= lesing en gebed geopen word, terwyl nie-verpligte onderrig in Bybelse ge= skiedenis gegee moes word, sogenaamd gesuiwer van enige leer of dogma.

+ Hoofstuk 1 Artikels 3-6 van Wet 25 van 1907 bepaal dat die openbare onder= wys onder sentrale beheer geplaas is. Daar sou voortaan 'n Direkteur van Onderwys wees wat aan die hoof van 'n Departement van Onderwys sou staan.

- Evaluering

Die praktiese implementering van die Smuts-onderwyswet het gou laat blyk dat die CNO-beginsels van die Afrikanerouers nie tot hulle reg gekom het nie. Al= hoewel daar op 'n manier voorsiening gemaak is vir godsdiens in die openbare skole, was die godsdiensonderrig so neutraal dat veral die Calvinisties-gesinde lidmate van die drie Afrikaanse kerke nie daarmee tevrede gestel is nie, want hulle wou gehad het dat daar meer van elkeen se partikuliere belydenisse tereg moes kom. (Du Plessis, 1974: 228-229).

Geëvalueer aan die hand van die samelewingsteoretiese model (vgl. Hoofstuk 3) kan die volgende kritiek op die Smuts-onderwyswet (Wet 25 van 1907) gelewer word:

° Die staat het weer eens die prinsipiële dwaling begaan om 'n sogenaamde neu= trale benadering van godsdiens aan die opvoedende onderwys voor te skryf. Veral die bepaling van die aard van die godsdiens in skole bly die verant=

---

1) Barnard (1974: 135-174) het Wet 25 van 1907 volledig opgeneem in sy bundel.

woordelikheid van ouers (saam met onderwysers[1]), want die godsdiens van 'n skool lê die grondslag van die gees en rigting, van die lewensopvatting van daardie skool. In die onderwys van die Smuts-regime was nog steeds die konfliksituasie dat die regering twee uiteenlopende lewensopvattings wou akkommodeer, terwyl hierdie konflik vermy kon gewees het as eenders= denkende ouers toegelaat was om self die gees en rigting van hulle skole te bepaal.

° In hierdie wet is onderwys gesentraliseer, want die openbare onderwys is onder sentrale staatsbeheer geplaas. Die CNO-beginsel wat aan ouers gedu= rende die Du Toit- en Mansvelt-tyd die reg verleen het om die gees en rig= ting van die skool te bepaal en om onderwysers vir hulle kinders aan te stel, is verwerp. (Barnard, 1979: 117). Nòg die Afrikaans- nòg die Engelsspre= kende ouers was op die lange duur tevrede gestel met die bepalings van Wet 25 van 1907, soos dit blyk uit latere verwikkelinge in die onderwys= geskiedenis van Suid-Afrika. (Vgl. paragrawe 5.3.2 en 5.3.5).

### 5.2.4 *Ouer-onderwyserkontak in die Natalse onderwyswese*

#### 5.2.4.1 Inleiding

Uit die bestudering van verskeie bronne wat onder andere oor die geskiedenis van die Natalse onderwyswese handel (Hattingh, 1978: 41-44; Buys, 1975: 221-276 en Snyman, 1976: 52-54), is dit duidelik dat die onderwys in Natal tot ongeveer 1910 met die Suid-Afrikaanse Uniewording met die uitsondering van die eerste tien jaar (1835-1845) 'n redelike eenduidige verloop gehad het. Die ge= skiedenis van die Natalse onderwyswese kan daarom in twee periodes onderskei en behandel word, te wete:

* Die tydperk 1835-1845 wat bekend staan as die Laerstaattydperk en die tyd van die Republiek Natalia.

* Die tweede periode wat deur die Kaapse Koloniale Regering en latere Ver= teenwoordigende Regering (1846-1910) oorheers is.[2]

---

1) Die Afrikaneronderwysers van Transvaal het gedurende hierdie moeilike na= oorlogse jare hulle CNO-beginsels deur hulle opvoedende onderwys binne die toepassing van die neutrale Smuts-onderwyswet uitgeleef. (Postma, 1983(a): 89).

2) Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse onderwyswese sedert 1910 word as 'n eenheid behandel in paragrawe 5.3 en 5.4.

### 5.2.4.2 Die Laerstaattydperk en die tyd van die Republiek Natalia, 1835-1845

Sowel die Engelse setlaars te Durban as die Trekkers van die Laerstaat in Na= tal het die opvoedende onderwys en die verantwoordelikhede wat daarmee verband hou, in die hande van die ouers gelaat. Die Laerstaatregering se aandag was so deur die vyandige Zoeloes in beslag geneem, dat hulle nie aan die administrasie en organisasie van die onderwys aandag kon gee nie.

Alhoewel die Trekkers van die Republiek Natalia hulle groot behoefte aan goeie onderwysers besef het, kon die jong regering nog nie regstreekse beheer oor die onderwys uitoefen nie. Ook die Republiek Natalia se ouers het volle verant= woordelikheid vir die opvoedende onderwys van hulle kinders wat op belydenis= aflegging gerig was, aanvaar. (Buys, 1975: 221-223; Hattingh, 1978: 41 en Snyman, 1976: 53).

- Evaluering

Waar die Voortrekkerouers soms van sogenaamde deeltydse onderwysers gebruik ge= maak het, het die ouers dikwels self die godsdiensonderrig van hulle kinders waargeneem omdat die onderwysers nie altyd van onbesproke karakter was nie. (Hattingh, 1978: 41). Die regerings van die Laerstaat en die Republik Nata= lia het nie die onderwys gekortwiek nie, was positief daarteenoor ingestel maar kon vanweë allerlei faktore nie die onderwys beheer en organiseer nie.

Geëvalueer aan die hand van die samelewingsteoretiese model, soos bepaal in Hoof= stuk 3 was daar in Natal gedurende 1835-1845 nog nie werklik sprake van formele skole nie[1)], veel eerder van "ouerhuisskole" waarby rondtrekkende onderwysers en die staat 'n ondergeskikte rol gespeel het en die ouers ten volle by betrokke was. So het die ouers self die godsdiensonderrig waargeneem en die opvoedende onderwys waarvan die doel belydenisaflegging was, was volkome in ooreenstemming met die gees en rigting van die ouerhuis. Die volle ontsluiting van die logies-analitiese funksie van kinders kon uiteraard nie tot sy reg kom nie, dog die besondere klem wat die uitbouing van geloofsekerheid geniet het, het die Trek= kerkinders van daardie tyd toegerus vir hulle beskawingstaak as volwassenes in die wildernis en heidendom.

---

1) In Pietermaritzburg is in 1839 die eerste skooltjie onder leiding van mej. Olivier, die grootjie van generaal Louis Botha, opgerig. (Buys, 1975: 223).

### 5.2.4.3 Die tydperk van die Kaapse Koloniale Regering en van Verteenwoordi= gende Regering in Natal, 1846-1910

Gedurende 1846 tot 1855 was Natal vir alle praktiese regeringsdoeleindes 'n deel van die Kaapkolonie. 'n Luitenant-goewerneur, ondergeskik aan die Kaap= kolonie se regering, het die bestuur van Natal waargeneem. (Hattingh, 1978: 41).

Op 25 Junie 1849 is die *"Skoolkommissie"* wat aanbevelings vir 'n geskikte on= derwysstelsel vir Natal moes maak, benoem. Hierdie Kommissie het staats- en staatsondersteunde skole asook plaaslike bestuur by wyse van skoolkomitees waarvan die lede deur die Luitenant-goewerneur aangestel moes word, bepleit.

'n Tweede, breër liggaam van ondersoek, die *"Kommissie van Onderwys"* wat op 21 Julie 1853 benoem is, het ook staats- en staatsondersteunde skole en plaaslike komitees aanbeveel, wat mettertyd ingevoer is. (Buys, 1975: 228). Tereg be= weer Hattingh (1978: 41) dat die Skoolkommissie van 1849 en die Kommissie van Onderwys van 1853 die rigting sou aandui vir die toekomstige oueraandeel in die Natalse Onderwys, naamlik 'n baie ondergeskikte rol.

Van 1856 af het Natal 'n stelsel van Verteenwoordigende Regering, onafhanklik van die Kaapkolonie se Regering, verkry en kon Natal sy eie onderwyssake reël. Daar is voortgegaan met die beleidsrigtings soos dit in die voorafgaande tyd vasgelê is.

In 1858 is 'n Raad van Onderwys in die lewe geroep op aanbeveling van die Se= lekkomitee ('n komitee wat deur Goewerneur Scott benoem is om die onderwys te verbeter) van 1856. Net soos die vorige twee liggame[1] het hierdie Raad ook plaaslike beheer deur skoolkomitees vir skole wat regeringsteun ontvang het, voorgestaan. (Buys, 1975: 230). Die Raad het egter bepaal dat lede van die plaaslike komitees geldelike bydraers van die betrokke skole moes wees en die Raad was van mening dat lede van die komitees *aangestel* moes word. (Hattingh, 1978: 43).

Mettertyd het die ouerkomitees gekwyn en tot niet gegaan omdat hulle van geen spesifieke betekenis vir outentieke ouerbetrokkenheid en -seggenskap was nie. Volgens Snyman (1976: 53) het die Britse bewind aan Natal gedurende 1846-1894

---

1) Die Skoolkommissie en die Kommissie van Onderwys.

voortgegaan met die beleid van sentralisasie wat reeds in die Kaapkolonie onder sy Superintendente van Onderwys (vgl. paragraaf 5.2.2) in swang was.[1) ]
Daar was van Calvinistiese opvoedende onderwys nie sprake in die openbare skole en skoolwese van Natal nie. Gedurende en na die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het die CNO-skole ook in Natal uitgebrei (Buys, 1975: 247e.v.) dog vanweë dieselfde redes as in Transvaal (vgl. paragraaf 5.2.3) is die CNO-skole gestaak.

- Evaluering

In ooreenstemming met die liberaal-gesinde benaderings van die Engelsgeoriën= teerde regerings van die Kaap, is die Natalse onderwyswese onder staatsbeheer geplaas. Ouers, wat volgens die Skrifgefundeerde samelewingsteoretiese model (vgl. Hoofstuk 3) die gees en die rigting van die opvoedende onderwys in hulle kinders se skole moet bepaal (vgl. paragraaf 3.3.3.5.2), het min of geen soda= nige seggenskap in die opvoedende onderwys van Natal gehad nie.

Tôg was daar, volgens alle aanduidings (vgl. Buys, 1975: 221-276; Hattingh, 1978: 41-44 en Snyman, 1976: 52-54) in Natal teen 1910 'n goed georganiseerde onderwysstelsel gevestig ten spyte van die feit dat ouers op 'n individuele of groepsbasis buite-om regeringskanale moes optree as daar beginselsake ter sprake was[2)]. Hierdie toedrag van sake, naamlik 'n goed georganiseerde onder= wyswese in Natal, kan toegeskryf word aan die deïstiese lewensopvatting van die Engelse. Die Engelse was tevrede met 'n skerp skeiding tussen die staat en sy terrein (wat die onderwyswese ingesluit het) en die ouerhuis en kerk wat weer hulle eie terreine (wat nie die staatsonderwys ingesluit het nie) gehad het.

Tôg kon die Natalse regering nooit regtig al die Blanke inwoners van Natal te= vrede stel met hulle staatsonderwysstelsel nie, want die Afrikanerouers het CNO-skole gestig en was deurentyd ontevrede omdat hulle seggenskap so gering geag is. (Hattingh, 1978: 44).

---

1) Die uitgebreide magte en pligte van die Superintendente van Onderwys in Natal - dr. Mann was byvoorbeeld vanaf 1859 - 1870 sowel direkteur en uit= voerende hoof as inspekteur (alles deel van die amp van Superintendent van Onderwys) - dui op sentralisasie en selfs 'n vorm van eensydige staatsbe= heer van onderwys in Natal. (Buys, 1975: 230-231).

2) Gedurende 1875 het ouers in Durban in opstand gekom teen geïntegreerde skole as gevolg waarvan mettertyd aparte skole vir kleurlinge gestig is (Hattingh, 1978: 44).

### *5.2.5 Ouer-onderwyserkontak in die Oranje-Vrystaatse onderwyswese*

#### 5.2.5.1 Inleiding

Die geskiedenis van ouer-onderwyserkontak (i.c. ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys) in die Oranje-Vrystaatse onderwyswese stem in 'n groot mate ooreen met dié van Transvaal; daarom word daar slegs kursories besin oor hoofmomente en waar van toepassing word na die geskiedenis en evaluering van die Transvaalse onderwyswese verwys. Die volgende aspekte van die OVS se onderwysgeskiedenis word kortliks beskrywe en geëvalueer met die samelewingsteoretiese model, soos dit in Hoofstuk 3 omlyn is, as maatstaf:

* Pioniersjare, 1836-1854.

* Eerste Republikeinse reëlings, 1854-1864.

* Sentralisasie, 1864-1899.

* Christelik-nasionale onderwys, 1901-1906.

* Generaal J.B.M. Hertzog se onderwyswet van 1908.

#### 5.2.5.2 Pioniersjare, 1836 - 1854

Hierdie tydperk stem in 'n groot mate ooreen met die onderwysgeskiedenis van Trans=vaal voor 1860. (Vgl. paragraaf 5.2.3). Die Voortrekkerouers moes self na die opvoedende onderwys van hulle kinders omsien en het van die hulp van rond=trekkende onderwysers gebruik gemaak. Waar Trekkerowerhede wel tot stand ge=kom het, was hulle vanweë gebrekkige infrastukture nooit sodanig ontwikkel dat hulle daadwerklik 'n wakende oog oor die opvoedende onderwys kon hou nie. (Van Schoor, 1975: 135; Hattingh, 1978: 45 en Snyman 1976: 50). Die opvoedende onderwys van hierdie tyd was, net soos in Transvaal, Christelik-nasionale on=derwys, maar ook 'n voorbereiding vir die lewe en werk van elke dag.

- Evaluering

Dieselfde evaluering wat gegee is by die Transvaalse onderwysgeskiedenis (vgl. paragraaf 5.2.3.2) kan goedskiks ook hier as relevant beskou word.

5.2.5.3 Eerste Republikeinse reëlings, 1854 - 1864

In 1854 het die Republiek van die Oranje-Vrystaat tot stand gekom. In 1855 het die Volksraad van die Republiek besluit dat daar vir elke distrik 'n skool=kommissie benoem moes word bestaande uit die landdros, die leraar van die Ne=derduitse-Gereformeerde gemeente of sy konsulent, een lid wat die inwoners van die dorp en twee lede wat die inwoners van die distrik gekies het. Hierdie kommissies, waarin ouers ook verteenwoordig kon word, het beheer oor die staatskole gehad in diê sin dat hulle, onderhewig aan die goedkeuring van die Staatspresident, onderwysers vir aanstelling kon aanbeveel en "alle schikkingen en regulatien tot bestuuring van de Gouvernementsschool" kon behartig. (Van Schoor, 1975: 139).

Alhoewel hierdie skoolkommissies nie doeltreffend gefunksioneer het nie, het dit tog aan die ouers die geleentheid gebied om in te gryp as hulle opvoedings=ideale bedreig is. So het ouers byvoorbeeld geweier om hulle kinders skool toe te stuur as die onderwyser se godsdienstige opvattinge van hulle eie lewens- en wêreldbeskouing verskil het.

Mettertyd is die bestuur van skole gesentraliseer toe die Volksraad in 1861 besluit het om die verkiesing van skoolkommissies te wysig. Voortaan sou die Staatspresident self die lede van die kommissies benoem terwyl die bestuurs=pligte van die kommissies deur die Staatshoof en sy Uitvoerende Raad bepaal sou word. (Van Schoor, 1975: 140).

- Evaluering

Ten opsigte van onderwysontwikkelinge gedurende die jare 1854-1864 val veral die volgende drie sake op:

+ Die beginsel van ouerseggenskap (i.c. ouerbetrokkenheid by opvoedende on=derwys) is aanvanklik erken met die eventuele insluiting van ouers by die plaaslike skoolkommissies wat verantwoordelik was vir die oprigting en be=stuur van goewermentskole.

+ Die ouers kon ook medebepalers wees van die gees en die rigting van hulle kinders se skole met hulle aanvanklike aanbevelingsbevoegdheid ten opsigte van die aanstelling van onderwysers.

+ Die beginsel van sentralisasie is in 1861 vasgelê in die OVS. Die Afri=

kanerouers van die Vrystaat het hierdie verwikkeling nog aanvaar omdat die regering se reëlings nie wesenlik ingedruis het teen hulle Christelik-na= sionale lewensopvatting nie.

Uit bogenoemde drie sake blyk dit dat ouers en onderwysers, staat, kerk en skool met die eerste onderwysreëlings van die Republiek van die OVS tevrede was, ten spyte van die feit dat daar nog nie 'n duidelike afbakening en erkenning van kompetensieterreine was nie. (Vgl. Figuur 3.4). Die meerderheid ouers was Trekkers en die regering was Christelik.

5.2.5.4 Sentralisasie, 1864 - 1899

Die rol wat John Brebner, die eerste Inspekteur van Onderwys in die Vrystaat wat in 1874 aangestel is, gespeel het, het die grondslag gevorm vir die OVS se onderwys tot aan die einde van die Republikeinse bestuur. Na 'n inspeksie= reis van Brebner is Ordonnansie nr.1 van 1874 uitgevaardig en volgens hierdie ordonnansie kon die inwoners drie van die vyf lede van die skoolkommissies kies. (Hattingh, 1978: 47). Tôg was die stelsel van skoolkommissies nie 'n suk= ses nie, want lede het hulle pligte versuim en dikwels onverskillig teenoor die onderwys gestaan.

Van Schoor (1975: 149) wys daarop dat, ten spyte van die toegewing ten opsigte van skoolkommissies, Brebner van die standpunt uitgegaan het dat die behartiging van die openbare onderwys by uitstek 'n taak van die staat was en die skool daarom as staatseiendom en die onderwysers as staatsamptenare beskou moes word. Van belang is dit om te weet dat dr. Brebner Presbiteriaans-teologiese opleiding ontvang het, dus was hy getoë in die Engelse deïstiese lewensopvatting wat ge= neig is om kerk en wêreld te skei. (Vgl. paragraaf 5.2.2, die hofie getitel: Die Tweede Britse bewind, 1806-1910). Uiteindelik het die gedagte dat die staat finaal vir die onderwys sorg moes dra, by die lede van die skoolkommis= sies en die publiek van die OVS posgevat.

Tereg beweer Snyman (1976: 51) dat Brebner nie die Calvinistiese beginsels in die opvoedende onderwys in die Vrystaat uitgebou het nie, tog het hy onder toesig van die sentrale regering die algemene ontwikkelingspeil van die Vry= staatse jeug bevorder. (Van Schoor, 1975: 152). Brebner se vrye (liberale) opvoedende onderwyssiening het eers gedurende die presidentskap van M.T. Steyn 'n vervorming ondergaan. M.T. Steyn het positiewe ideale van Afrikaner=

skap gehad, maar sy vergesigte kon nie verwerklik word nie, as gevolg van die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899. (Van Schoor, 1975: 162).

- Evaluering

Ten spyte van die feit dat daar in die Vrystaatse onderwys van 1864 tot 1899 voorsiening gemaak is vir ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys, het die stelsel van skoolkommissies nooit ten volle tot sy reg gekom nie. Die belang= rikste oorsaak hiervoor kan die prominente rol wees wat die liberaal-gesinde Brebner gespeel het. Hy was by uitstek 'n voorstander van die staatskoolgedagte, 'n sienswyse wat die Engelse deïstiese lewensopvatting van daardie tyd ten grondslag het. Sy pogings om 'n staatsonderwysstelsel in die Vrystaat te ves= tig, is 'n bewys daarvan dat hy nie die Skrifgefundeerde samelewingsteoretiese beginsel van soewereiniteit in eie kring (vgl. paragraaf 3.2.4) erken het nie.

Sy liberale, sogenaamde neutrale, dogmatiese opvoedende onderwys is ook, ge= sien teen die agtergrond van die samelewingsteoretiese beginsel dat God die soewereine skepper en onderhouer van die ganse skepping (daarom ook van die verskillende samelewingsverbande) is, onaanvaarbaar. Die Vrystaatse ouers was inderdaad nie tevrede met die toedrag van sake nie. Hulle het hulle verset teen die denkrigting van Brebner en selfs teen die onderwysbeleid van hulle gewilde Staatspresident (J.H. Brand) deur middel van vertoë in die Volksraad. (Van Schoor, 1975: 151). Hierdie ontevredenheid van die Afrikanerouers beves= tig die vermoede dat die eventuele toepassing van bogenoemde samelewingsteo= retiese beginsels in die implementering van die onderwyspraktyk van die OVS moontlik 'n meer gewenste en doelmatige onderwyswese tot gevolg kon gehad het.

5.2.5.5 Christelik-nasionale onderwys, 1901-1906

Die OVS en Transvaal was gesamentlik betrokke by die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) en die verengelsingsbeleid van Milner en Sargant; daarom geld dieselfde uiteensetting en evaluering as wat by Transvaal (vgl. paragraaf 5.2.3, onder hofie getitel: Die Christelik-nasionale onderwys (CNO-)-be= weging 1901-1906) gegee is, ook hier by die OVS.

5.2.5.6 Generaal J.B.M. Hertzog se School Wet, 1908 (Wet 35 van 1908)

Volgens Snyman (1976: 52) het die Onderwyswet van Hertzog weer 'n terugkeer na bepaalde Calvinistiese beginsels behels, tog het dit groot ooreenkomste met

die Smuts-onderwyswet van 1907 gehad. Volgens Van Schoor (1975: 171) sou hier= die wet die ideale van die Afrikaners van die OVS op onderwysgebied veel meer as voorheen verwesenlik, dog terselfdertyd ook die regte van die Engelse min= derheidsgroep erken (vgl. Art. 14 van Wet 35 van 1908: 10). Dieselfde evalue= ring wat vir die Smuts-onderwyswet van 1907 (vgl. paragraaf 5.2.3) gegee is, geld ook vir die Hertzog-onderwyswet.

### *5.2.6 Samevatting*

Vanaf 1652 tot 1795 was die opvoedende onderwys aan die Kaap Christelik ge= fundeer en die ouers het die geleentheid gehad om toe te sien dat hulle ver= bondskinders se skole dieselfde gees en rigting as die ouerhuise in die op= voedende onderwys handhaaf en uitbou. (Vgl. paragraaf 5.2.2: *Die Neder= landse bewind, 1652-1795).

Gedurende die De Mist-regime op onderwysgebied aan die Kaap is die wese en karakter van opvoedende onderwys verander na 'n liberalistiese lewensopvatlike stelsel, want die ouers se seggenskap is drasties ingekort terwyl die staat se beheer oor opvoedende onderwys oorkoepelend en finaal was. (Vgl. paragraaf 5.2.2: *Die Bataafse bewind, 1803-1806).

Die Engelse deïstiese lewensopvatting en denasionaliserings- en verengelsings= beleid wat gedurende die Tweede Britse bewind (vgl. paragraaf 5.2.2: *Die Tweede Britse bewind, 1806-1910) afgedruk is op die opvoedende onderwys het die Christen-Afrikaners van destyds so gegrief dat hulle die binneland inge= trek het. Mettertyd het hulle in die Suid-Afrikaanse binneland hulle eie repu= blieke met elkeen 'n eie onderwysstelsel gestig.

In Transvaal het die ou Kaaps-Hollandse onderwysbedeling in gewysigde vorm onder S.J. du Toit en N. Mansvelt herleef. Christelik-nasionale onderwys, waar ouers en onderwysers saam die Christelik-nasionale gees en rigting van hulle kinders se opvoedende onderwys, in samewerking met die kerk en staat bepaal het, het duidelik vorm begin aanneem. (Vgl. paragraaf 5.2.3).

In Natal (vgl. paragraaf 5.2.4) is die Engelse staatsonderwys eindelik gebruik terwyl die Oranje-Vrystaatse (paragraaf 5.2.5) onderwys onder die leiding van J.Brebner 'n neutrale staatsonderwysstelsel ontwikkel het. President M.T. Steyn wou die Afrikanerideale vir opvoedende onderwys (CNO) weer verwesenlik, maar die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het sy planne verydel.

Die Christen-Afrikanerouers en -onderwysers van die Kaapkolonie, Transvaal, Oranje-Vrystaat en Natal het na die Tweede Vryheidsoorlog CNO-skole gestig, omdat hulle nie die liberale verengelsingsbeleid van die Britse veroweraars se staatsbeheerde skole kon aanvaar nie.

Die situasie ten opsigte van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in Suid-Afrika teen 1910 met Uniewording was dus kortliks soos volg:

* Die ouers is wesenlik van hulle primêre opvoedingseggenskap oor hulle kin= ders ontneem.

* Die Britsgesinde staat het die toneel ten opsigte van opvoedende onderwys oorheers met sy deïsties-liberalistiese gees.

* Uiterlik gesien, het CNO doodgeloop, dog die latere geskiedenis van die Suid-Afrikaanse onderwyswese lewer die bewys dat verbondsouers en Christen-onderwysers steeds die CNO-beginsel onderskryf het. (Vgl. paragrawe 5.3.2, 5.3.4 en 5.3.5).

Skematies kan die hoofontwikkelingsmomente of -lyne van die geskiedenis van ouerbetrokkenheid in die Suid-Afrikaanse onderwyswese tot en met 1910 voorge= stel word soos dit in Figuur 5.1 (vgl. p.153) aangetoon word.

## 5.3 'n Kritiese beskouing van kontemporêre ontwikkelinge ten opsigte van ouer-onderwyserkontak in Suid-Afrika, 1910-1986

### *5.3.1 Inleiding*


Hoogtepunte in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse onderwyswese sedert 1910 word in die volgende paragrawe in oënskou geneem. Die fokuspunt van die navorsing bly steeds ouer-onderwyserkontak (i.c. ouerbetrokkenheid by opvoe= dende onderwys[1]); daarom word daar nie 'n volledige weergawe van die Suid-Afrikaanse onderwysgeskiedenis gegee nie, maar slegs enkele hoogtepunte wat direk verband hou met ouer-onderwyserkontak.

Daar word tans (1986) steeds groter eise as in die verlede aan ouers in die

---

1) Vergelyk paragrawe 1.6.3 en 5.1

Fig. 5.1 Ouerbetrokkenheid in die Suid-Afrikaanse onderwyswese, 1652-1910



RSA gestel om op allerlei wyses by die opvoedende onderwys van hulle kinders betrokke te raak,[1] naamlik:

- meer finansiële bydraes (skoolfonds) vir opvoedende onderwys;
- die bepaling van die gees en rigting van eie skole (wat deel vorm van die Regering se beleid van onderwys as 'n eie saak, vergelyk Wet 76 van 1984, Artikel 2, Beginsel (vi));
- hulpverlening by die huiswerk van kinders, en
- betrokkenheid by ouerverenigings en bestuursrade[2].

Daarom is dit vanuit 'n opvoedkundig-wetenskaplike en aktualiteitsoogpunt wens= lik en noodsaaklik om vas te stel in watter mate ouer-onderwyserkontak in die onmiddellike verlede in die Blankeonderwys in die RSA gerealiseer het.

Hierdie ouerbetrokkenheid (i.c. ouer-onderwyserkontak) by opvoedende onderwys word telkens wetenskaplik geëvalueer volgens die maatstaf van die samelewings= teoretiese model wat in Hoofstuk 3 omlyn is. Bepaalde bevindinge en gevolg= trekkinge ten opsigte van ouer-onderwyserkontak sedert 1910 lei tot eventuele aanbevelings in Hoofstuk 7 met die oog op die huidige en toekomstige ouerbe= trokkenheid by opvoedende onderwys.

### *5.3.2 Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, Wet 39 van 1967*

#### 5.3.2.1 Inleiding

In paragraaf 5.2.6 is die stelling gemaak dat CNO oënskynlik teen 1910 doodge= loop het, maar die promulgering van die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid (Wet 39 van 1967) in 1967 bewys die teendeel. Afrikanerouers en -onderwysers het hulle op 'n volgehoue basis beywer vir Christelik-nasionale onderwys (Anon.,

---

1) Vergelyk die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake (No.76 van 1984), Artikel 2, Beginsel (ii) wat bepaal "dat erkenning aan sowel die gemeenskaplikheid as die diversiteit van die religieuse en kulturele leefwyse en aan die tale van die inwoners van die Republiek verleen moet word; ...".
Verder bepaal Beginsel (vi) "dat die Staat vir die voorsiening van formele onderwys verantwoordelik moet wees, maar dat die individu, ouers en die ge= meenskap 'n medeverantwoordelikheid en seggenskap in daardie verband moet hê".

2) Vergelyk paragraaf 1.3 wat handel oor die aktualiteit van die navorsing.

1968: 30) en al die Christen-Afrikaners in Suid-Afrika het Wet 39 van 1967 dank= baar verwelkom. (Postma, 1983(a): 103).

5.3.2.2 Beleidsbeginsels van Wet 39 van 1967

Die tien beleidsbeginsels wat in Wet 39 van 1967 uitgestippel word, bevat on= der meer die volgende belangrike bepalinge:

* Onderwys in staats- en staatsondersteunde skole moet 'n Christelike karakter hê,
  "maar die geloofsoortuiging van die ouers en die leerlinge (moet) geëer= biedig word wat betref godsdiensonderrig en godsdienstige plegtighede" (Artikel 2, 1(a)).

* Hierdie onderwys moet 'n breë nasionale karakter dra. (Artikel 2, 1(b)).

* Aan die ouergemeenskap moet 'n plek in die onderwysstelsel toegeken word deur middel van ouer-onderwysersverenigings, skoolkomitees, beheerrade of skoolrade ôf op 'n ander wyse. (Artikel 2, 1(h)).

5.3.2.3 Die Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys, 1969.

Die Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys wat vanaf 29 September tot 2 Okto= ber 1969 in Pretoria plaasgevind het, het primêr gegaan oor die gees en rigting wat opvoedende onderwys, in ooreenstemming met die beginselbepalinge van Wet 39 van 1967, in die huis en in die skool moes openbaar. By hierdie Kongres was veral onderwysers en kerke (waaronder baie ouers) (ver)teenwoordig. Som= mige van die besluite wat deur die Kongres geneem is, was van deurslaggewende belang vir die verdere praktiese implementering van die CNO-beginsels in die opvoedende onderwys in Suid-Afrika, byvoorbeeld:

* Besluit 2.3 (Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys, 1969: 1-2) *Die Christelike gees van die skool.* Die gees van die skool moet so wees en die leerinhoude moet so aangebied word dat die Christelike gees oral en altyd figureer.

* Besluit 2.5 *Die lewens- en wêreldbeskouing van die onderwyser ( en die ouer).* 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing, gegrond op die Woord van God, is 'n voorvereiste vir elkeen wat as opvoeder meewerk aan die opvoedende onderwystaak van die Christelike skool en gesin.

* Besluit 2.8 *Dankmosie teenoor onderwysers.* "Die kongres wil sy dank be= tuig aan die staat- en provinsiale onderwysers wat al die jare gesorg het dat ons skole in groot mate Christelik en Nasionaal is" (Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys, 1969: 2).

Dit blyk dus uit voorafgaande kort uiteensetting dat ouers en onderwysers hulle nie net beywer het vir Wet 39 van 1967 nie, maar dat hulle na die pro= mulgering van die wet verder gesamentlik daaraan gewerk het om die wet prakties en sinvol in die opvoedende onderwys te implementeer.

5.3.2.4 Evaluering

Vir die Christen-Afrikaners van 1967 was Wet 39 van 1967 'n aanvaarbare wet, want die betrokke beginselbepalinge was in ooreenstemming met hulle CNO-opvat= ting. Dit het tog later in die praktiese onderwys geblyk dat 'n Christelike karakter wat "die geloofsoortuiging van die ouers en die leerlinge" eerbiedig, so buigsaam en wyd is dat alle Christelike gelowe vanaf die Rooms-katolieke deur die Reformatoriese tot by die Sektariese daardeur toegelaat word en gang= baar is. Gevolglik is dit geregverdig om dieselfde besware as wat teen die Smuts-onderwyswet (1907) ingebring is, naamlik dat veral die Calvinisties-ge= sinde lidmate van die drie Afrikaanse kerke nie daarmee ten volle tevrede ge= stel is nie, by Wet 39 van 1967 te laat geld.

Die staat het in Wet 39 van 1967 die gees en rigting van opvoedende onderwys bepaal, terwyl dit eintlik volgens die Skrifgefundeerde samelewingsteoretiese beskouing (vgl. paragraaf 3.3.3.5.2) die verantwoordelikheid van die ouers in samewerking met die onderwysers is.

'n Kritiese beskouing van Wet 39 van 1967, getoets aan die samelewingsteoretiese model omlyn in Hoofstuk 3, bring aan die lig dat daar in die Wet 'n teenstry= digheid is. Die samelewingsteoretiese model bepaal onder andere dat die staat juridies gekwalifiseer is en daarom deur middel van wetgewing fisiese fasili= teite skep vir opvoedende onderwys, terwyl die ouers die gees en rigting van opvoedende onderwys moet bepaal. Terselfdertyd bepaal Wet 39 van 1967 die Christelike en nasionale gees en rigting van die Blanke opvoedende onderwys, terwyl die Wet aan die ouers ook 'n "plek" wil toeken. Die implikasie is dat die ouers volgens wet verplig is om dieselfde gees en rigting voor te staan as wat Bepalinge 2, 1(a) (Christelike karakter) en 2, 1(b) (breë nasionale ka= rakter) voorskryf.

Hier is 'n duidelike oorskryding van kompetensieterrein merkbaar. Die staat handel buite sy juridiese bevoegdheid deur die gees en rigting van opvoedende onder=wys voor te skryf, terwyl dit in werklikheid die ouerhuis in samewerking met die skool se bevoegdheid is. Tog het Wet 39 van 1967 die Christen-Afrikaner=ouers sowel as die Christen-Engelssprekende ouers (sover vasgestel kon word) tevredegestel, want albei bogenoemde bevolkingsgroepe kon die soepele Chris=telike en breë Nasionale bepalings aanvaar en daarmee saamleef.

Die latere geskiedenis het bewys gelewer dat noukeuriger besinning[1)] oor die staat se juridiese bevoegdhede in verband met onderwysaangeleenthede nodig was om meer as net die Afrikaans- en Engelssprekende Christen-ouers in die RSA tevrede te stel. Alle ouers van alle (nie-staatsgevaarlike) religieë en kulture en lewensopvattinge moet, in ooreenstemming met 'n Skrifgefundeerde samelewingsteorie die bevoegdheid hê om elkeen sy eie skool of skole se karak=ter of gees en rigting in ooreenstemming met sy eie lewensopvatting te bepaal.

### *5.3.3 Instellings vir ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in die RSA in die tagtigerjare*

#### 5.3.3.1 Inleiding

Daar is verskeie bronne beskikbaar wat handel oor ouerbetrokkenheid en ouer=seggenskap by opvoedende onderwys gedurende die laaste drie dekades in Suid-Afrika[2)].

Na 'n ontleding van die stand van sake met betrekking tot ouerbetrokkenheid en ouerseggenskap by opvoedende onderwys in Suid-Afrika teen 1980, is besluit om slegs twee van die vier provinsies van SA as eksemplare vir hierdie oorsig en evaluering te neem. Die twee provinsies wat aan die orde kom, is Transvaal (wat heelwat ooreenstemming met die OVS (Hattingh, 1978: 57-60) en Kaapprovin=sie (Hattingh, 1978: 60-61) vertoon) en Natal wat 'n eiesoortige stelsel van

---

1) Vergelyk die navorsingsprojek in opdrag van die Raad vir Geesteswetenskap=like Navorsing wat handel oor Religieuse en Lewensbeskoulike Differensiasie in die Onderwys. (J.L.van der Walt, projekleier, Hoof: Departement Fun=damentele Opvoedkunde, PU vir CHO, 30 November 1984).

2) Hier kan die werke van onder andere die volgende opvoedkundiges genoem word: Barnard, 1979; Du Toit, 1975; Hattingh, 1978; Schutte, 1984(*a*); *Van* Staden, 1974 en Eloff, S.J. 1982.

ouerbetrokkenheid en -seggenskap by opvoedende onderwys het.

5.3.3.2 Transvaal

Die Transvaalse Onderwysdepartement het teen 1978 voorsiening gemaak vir ver= kose en benoemde plaaslike liggame in die vorm van skoolrade, beheerrade, skool= komitees en adviesrade[1]. (Onderwysordonnansie, 1953: Hoofstuk 2).

Hierdie verskillende liggame het organisatoriese kanale gevorm waardeur ouers hulle seggenskap en betrokkenheid by opvoedende onderwys kon verwerklik. (Hat= tingh, 1978: 49). Dit is belangrik om daarop te wys dat ouerseggenskap beperk was tot die plaaslike regeringsvlak; op provinsiale en sentrale regerings= vlak het ouers teen 1978 nog geen demokratiese verteenwoordiging en regerings= mag gehad nie. (Schutte, 1984(a): 40).

Voorts word kortliks gelet op die samestelling en bevoegdhede van elkeen van bogenoemde liggame om sodoende vas te stel in watter mate ouers betrokke was by die skoolse opvoedende onderwys van hulle kinders deur hierdie ouerverteen= woordigende liggame. By elke liggaam word kortliks 'n kritiese evaluering, met die samelewingsteoretiese model wat in Hoofstuk 3 beskryf is, as maatstaf gegee.

---

1) Die Ontwerpordonnansie (Ontwerp - Tweede Onderwyswysigingsordonnansie, 1984) tot wysiging van die Onderwysordonnansie, 1953, wat onder andere voorsie= ning maak vir die instelling van 'n Onderwysraad asook vir 'n nuwe bestuur= struktuur vir provinsiale onderwysinrigtings, bevat die volgende bepalings inverband met die bestuur van provinsiale onderwysinrigtings:

* Die instelling van Streekrade, bestaande uit 4 amptenare deur die Direk= teur benoem (Ontwerpordonnansie, 1984: 5);
* Skoolrade, bestaande uit 'n inspekteur van onderwys, deur die Direkteur benoem en 6, 9 of 12 ander lede wat op die wyse voorgeskryf by regulasie verkies word (Ontwerpordonnansie, 1984: 7) en toesig het en uitoefen oor die provinsiale onderwysinrigtings binne sy distrik, en
* Bestuursrade bestaande uit die hoofonderwyser van die betrokke skool en 'n onderwyser op sy personeel deur sodanige hoofonderwyser benoem en soveel ander lede wat die Administrateur van tyd tot tyd bepaal, word deur ouers van die skool verkies. Bestuursrade "doen as mondstuk van die ouers van die kinders op die register van die skool waarvoor dit ingestel is, ver= slag" aan plaaslike skoolrade of aan die Direkteur (Ontwerpordonnansie, 1984: 12-14).

Die Skoolrade en Bestuursrade waarvan hier sprake is, se samestelling en bevoegdhede stem in 'n groot mate ooreen met die bekende 1953-Onderwys= ordonnansie se skoolrade, beheerrade, adviesrade en skoolkomitees, waarvan laasgenoemde drie tans bekend staan as bestuursrade daarom geld dieselfde evaluering ook vir die nuut ingestelde bestuursliggame as wat op die 1953-bestuursliggame van toepassing is.

- Skoolrade

  ° Samestelling

  Transvaal word, voor elke algemene verkiesing van skoolrade deur die Ad= ministrateur in omskrewe gebiede verdeel. Elke omskrewe gebied bestaan uit 6, 9 of 12 eenhede. Elke eenheid se beheerrade, adviesrade en skoolkomitees (tans bestuursrade) kom op 'n voorafbepaalde datum byeen om 'n lid van die skoolraad vir die betrokke kieseenheid te kies. Van belang is dit dat skoolrade uit lede van ouerverteenwoordigende liggame bestaan. (Hattingh, 1978: 50; Duvenage, 1980(c): 2).

  ° Bevoegdhede van skoolrade

  Bo en behalwe verskeie funksies van skoolrade wat in verband met die voorsiening van geboue, toelating van leerlinge, vervoerskemas en die uitvoering van onderwysordonnansies staan, is die volgende bevoegdheid van belang:

  > "Die raad oorweeg alle sake wat deur 'n skoolkomitee (i.c. adviesraad, beheerraad) aan hom voorgelê word en kan aanbe= velings daaroor aan die Direkteur doen maar die raad het geen bevoegdheid betreffende die aanstelling van onderwysers nie." (Hattingh, 1978: 51).

+ Evaluering

Skoolrade in Transvaal is wel statutêre liggame waarop ouers verteenwoordig is, maar hulle bevoegdhede en pligte hou slegs met neutrale, nie-lewensop= vatlike sake verband. (Barnard, 1979: 151-152). Die staat kom hier sy juridiese plig na, want hy maak deur middel van statutêre skoolrade voor= siening vir die daarstelling van onderwysfasiliteite. Dit lyk ook in orde dat skoolrade nie die gees en rigting van die opvoedende onderwys in hulle areas kan bepaal nie en ook nie bevoegdheid betreffende die aanstelling van onderwysers het nie, want daar is immers skole van verskillende kultuur- en taalgroepe in hulle distrikte. Die probleme ontstaan as in gedagte ge= hou word dat die skoolrade die plaaslike onderwysbelange in elke skoolraads= distrik binne die raamwerk van die provinsiale onderwysdepartement behartig. (Barnard, 1979: 151). Elke provinsiale onderwysdepartement is weer verplig om toe te sien dat die bepalinge van Wet 39 van 1967 (vgl. paragraaf 5.3.2) ten opsigte van Christelike en nasionale onderwys uitgevoer word. Die implikasie is dus dat Skoolrade kragtens Wet 39 van 1967 verplig is om toe=

sig te hou oor die gees en rigting van die skole van hulle distrikte; daarom geld die kritiek van oortreding van kompetensieterreine ook hier. (Vgl. paragraaf 5.3.2.4).

- Beheerrade

° Samestelling

Beheerrade het bestaan uit 6, 8 of 12 lede in ooreenstemming met die be= palinge van die Administrateur in elke geval. Beheerrade is vir drie jaar deur ouers (met kinders in die skool), tydens 'n vergadering wat deur die skoolraadsekretaris gereël is, verkies. (Barnard, 1979: 153; Hattingh, 1978: 52; Duvenage, 1980(c): 2).

° Bevoegdhede van beheerrade

Kortliks saamgevat het die bevoegdhede van beheerrade in Transvaal die volgende aspekte behels:

- toesig oor skoolgeboue, skoolterreine, meubels en toerusting, en
- aanbeveling van onderwysers in permanente hoedanigheid en in bevor= deringsposte. (Barnard, 1979: 153 en Hattingh, 1978: 53).

+ Evaluering

Indirek kon die beheerrade medebepalers van die gees en rigting van skole wees deurdat hulle aanbevelingsbevoegdheid ten opsigte van die aanstelling van onderwysers gehad het. Onderhewig aan die goedkeuring van die Direk= teur van Onderwys kon ouers 'n bydrae lewer daartoe om onderwysers met die= selfde lewensopvatting as die ouers by hulle kinders se skole aangestel te kry (Duvenage, 1980(c): 2). Tog dien dit vermeld te word dat die finale seggenskap ten opsigte van die aanstelling van onderwysers, net soos in die geval van die vaslegging van die gees en rigting van opvoedende onderwys (Wet 39 van 1967), by die staat gelê het. In wese het die etiese en pis= tiese verantwoordelikhede van die ouerhuis ten opsigte van hulle kinders se skole nog nie tot hulle volle reg gekom nie.

- Adviesrade en skoolkomitees

Adviesrade vir hoër landbouskole, senior spesiale skole en skole *vir ballet* het in breë trekke dieselfde funksies as beheerrade vir sekondêre skole vervul. Dieselfde geld vir skoolkomitees wat ouers van primêre skole ver=

teenwoordig het; daarom word hier ook volstaan met die evaluering vir be= heerrade.

- Die Keurraad

Op 1 Desember 1963 is die eerste Keurraad in Transvaal aangestel. (Van Staden, 1974: 31). Volgens Hattingh (1978: 57) is die keurraad nie 'n ouerliggaam nie, maar in sy keuringsfunksie van onderwysers wat om bevor= deringsposte aansoek doen, staan hy ouers by in die proses van oordeelkun= dige aanstelling van onderwysers. Diê liggaam het die funksie om onder= wysers wat vir bevorderingsposte aansoek doen, vooraf te selekteer op grond van hulle ervaring, kwalifikasies en inspeksieverslae. Dan word slegs die aansoeke van die geskikste en bekwaamste onderwysers vir oorweging aan die bepaalde ouerliggaam voorgelê, wat op sy beurt 'n aanbeveling aan die Di= rekteur van Onderwys maak met die oog op 'n moontlike permanente benoeming. (Barnard, 1979: 152-153; Hattingh, 1978: 57).

+ Evaluering

Die instelling van die Keurraad het bygedra tot groter professionalisering van die onderwysberoep, want waar ouers nie altyd oor die professionele kennis en agtergrond beskik het om applikante beroepsgerig te beoordeel nie, staan die professioneel-opgeleide keurraadslede wat ervare onderwysers is, die ouers by. Die ouers kan nog in hulle keuring van applikante vasstel of diê onderwysers se lewens- en wêreldbeskouing in ooreenstemming met diê van die ouers is, terwyl die tegnies-professionele beoordeling deur die Keurraad behartig word. Alhoewel die Keurraad deur die Transvaalse Onder= wysdepartement ingestel is, wat 'n staatsverteenwoordigende liggaam beteken, vul hy in sy funksies en verantwoordelikhede die ouerliggame aan en staan hulle by. (Die beginsel van universaliteit in eie kring - vgl. paragraaf 3.2.5 - word dus hier toegepas tot voordeel van die ouerhuis, skool en staat as samelewingsverbande).

5.3.3.3 Natal

In die Natalse Onderwyswese is voorsiening gemaak vir adviserende skoolkomi= tees en adviesrade vir beroepskole.

- Adviserende skoolkomitees

  ° Samestelling

  Lede van adviserende skoolkomitees by elke staatskool (uitgesonderd beroeps- en landbouhoërskole) word verkies op 'n vergadering van ouers van leerlinge wat by die betrokke skool ingeskryf is. Hierdie ouerver=gadering word deur die hoof van die skool belê. Die ledetal van hierdie komitees wissel tussen drie en nege lede, afhangende van die grootte van die skool.

  ° Bevoegdhede van adviserende skoolkomitees

  Die algemene bevoegdhede en funksies van adviserende skoolkomitees stem hoofsaaklik ooreen met dié van beheerrade in Transvaal. Ten opsigte van die aanstelling van onderwysers word daar bepaal dat die komitee by die Direkteur van Onderwys aanbevelings kan doen oor die aanstelling van skoolhoofde, adjunk-hoofde en onderhoofde (tans departementshoofde). Dit is volgens Hattingh (1978: 63) belangrik dat daar bepaal word dat "enige aanbevelings wat die administrasie van en beheer oor die skool raak, by die Direkteur van Onderwys ingedien (moet) word slegs nadat die skoolhoof van die aard van die aanbevelings in kennis gestel is".

+ Evaluering

Alhoewel adviserende skoolkomitees ouerverteenwoordigende liggame is, is hulle bevoegdhede baie beperk, want selfs waar hulle aanbevelingsbevoegd=hede ten opsigte van onderwysers vir bevorderingsposte het, het die hoofde van skole in samewerking met die Departement die finale seggenskap. Daar=om geld dieselfde evaluering hier as wat by beheerrade in Transvaal ge=gee is.

- Adviesrade vir beroepskole

  ° Samestelling

  Die seggenskap van die staat is hier nog meer prominent, want van die hoogstens elf lede van die adviesraad moet minstens drie lede deur die ouers van leerlinge wat die skool bywoon verkies word en hoogstens agt lede moet deur die Administrateur aangestel word.

° Bevoegdhede van adviesrade

Die bevoegdhede en funksies van die adviesrade is dieselfde as dié van die adviserende skoolkomitees. (Hattingh, 1978: 63).

\+ Evaluering

Dieselfde evaluering geld vir die adviesrade as vir die adviserende skool=komitees.

### 5.3.4 *Die Afrikaneronderwyskongres (18-20 Maart 1982) en ouer-onderwyser=kontak*

#### 5.3.4.1 Inleiding

Ingrypende veranderinge het hulle teen 1980-1981 op konstitusionele vlak in die RSA voltrek en daar is steeds meer druk vanuit die buiteland en binneland op die owerheid uitgeoefen om gelyke onderwysgeleenthede vir alle bevolkings=groepe te voorsien. Verder het die belangrike *Verslag van die Raad vir Gees=teswetenskaplike Navorsing oor die ondersoek na onderwysvoorsiening in die RSA 1981* (kortweg genoem die RGN-onderwysverslag) en die daarmee gepaard=gaande *Tussentydse Memorandum oor die Verslag van die Raad vir Geesteswetens=skaplike Navorsing oor die ondersoek na onderwysvoorsiening in die RSA, 1981* van die Regering verskyn. Sekere ingrypende beginsels,[1] aanbevelings en bevin=dinge het in die RGN-onderwysverslag verskyn, waarvan die volgende beginsels relevant is vir hierdie navorsing (RGN, 1981: 14-16) omdat dit verband hou met ouer-onderwyserkontak of ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys:

> "Beginsel 2:
> Die onderwys verleen positiewe erkenning aan sowel die gemeenskaplikheid as die diversiteit van die religieuse en kulturele leefwyse en die tale van die inwoners.
>
> Beginsel 3:
> Die onderwys verleen positiewe erkenning aan die keusevryheid van die individu, ouers en organisasies in die samelewing."

---

1) Hierdie beginsels is wesenlik net so opgeneem in die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake, No 76 van 1984. Enkeles daarvan word aangehaal omdat die Afrikaneronderwyskongres se besluite direk met hier=die beginsels in verband staan (vgl. Paragraaf 5.3.7).

"Beginsel 6:

Onderwysvoorsiening op die formele vlak is 'n verantwoordelikheid van die Staat met dien verstande dat die individu, die ouers en die georganiseerde samelewing 'n medeverantwoordelikheid en inspraak in hierdie verband het."

* * *

"Beginsel 8:

Die stelsel van onderwysvoorsiening sal vir die stigting en staatsubsi= diëring van private onderwys voorsiening maak."

* * *

"Beginsel 10:

Die professionele status van die onderwyser en dosent sal erken word."

'n Landwye kongres, waarby soveel moontlik Afrikaanssprekendes betrek is, is gereël en in die volgende paragraaf word spesifieke aandag gegee aan hierdie Afrikaneronderwyskongres waar die *Verslag van die Raad vir Geesteswetenskap= like Navorsing oor die ondersoek na onderwysvoorsiening in die RSA*, 1981 en die daarmee gepaardgaande *Tussentydse Memorandum oor die Verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing oor die ondersoek na onderwysvoorsiening in die RSA, 1981*[1)] krities ontleed en bespreek en bepaalde aanbevelings gemaak is.

5.3.4.2 Die Afrikaneronderwyskongres en ouer-onderwyserkontak

Die besluit om hierdie kongres te hou, was as gevolg van die inisiatief van die Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys (IKKO) in samewerking met die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) en die Transvaalse Onderwysersvereniging (TO). 'n Reëlingskomitee bestaande uit verteenwoordigers van die IKKO, die FAK en die TO het die opdrag gehad "om 'n Kongres te reël met die RGN-onderwysverslag as motiveringspunt, maar ook om die reformatoriese

---

1) In hierdie Tussentydse Memorandum (1981: 3) van die Regering is onder an= dere die volgende beginseluitgangspunte as voorwaardes vir die aanvaarding van die RGN-Onderwysverslag gestel:

- Die Regering bly staan by die Christelike karakter en breë nasionale ka= rakter van die onderwys soos geformuleer in artikel 2(1)(a) en (b) van Wet 39 van 1967.
- Die Regering bly oortuig van die opvoedkundig gefundeerde geldigheid van die beginsel van moedertaalonderwys.
- Eie skole en onderwysdepartemente vir elke bevolkingsgroep bly die beleid van die Regering.
- Die keusevryheid van die individu en van ouers is vir die Regering aan= vaarbaar, maar binne die raamwerk van eie skole vir elke bevolkingsgroep.

Afrikaner weer 'n keer indringend te konfronteer met die beginsels en werklik= hede van die Onderwys - veral met die oog op die toekoms" (Kruger, 1982: 2).

Die Afrikaneronderwyskongres het gedurende 18 tot 20 Maart 1982 plaasgevind in die Callie Humansentrum van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, waar 1620 afgevaardigdes van kerkrade, onderwysersverenigings, skoolbeheerrade, universiteite, skole, kolleges, Rapportryerskorpse, vroue-organisasies en ook ander Afrikaanse instansies verteenwoordig was.

By die kongres is veral twee referate wat van belang is vir ouer-onderwyser= kontak gelewer, naamlik:

** *Ouerbetrokkenheid in die opvoeding en onderwys*, wat gelewer is deur dr. S.J. Eloff, predikant Algemene Sinode van die NG Kerk, en

** *Onderwyserbetrokkenheid gesien in die lig van die RGN-verslag oor onderwys= voorsiening in die RSA*, gelewer deur prof. P.J. van der Merwe, Rektor van die Goudstadse Onderwyskollege.

** In sy referaat het Eloff (1982: 19-21) daarop gewys dat daar in 1982 die volgende tendense waar te neem was ten opsigte van amptelike (statutêre) ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys:

* 'n Opvoedingsnood by ouers - "... daadwerklike georganiseerde optrede van die ouers se kant (ten opsigte van ouerbetrokkenheid by opvoedende on= derwys vanaf plaaslike tot by owerheidsvlak) het hier steeds uitgebly, terwyl in ander lande --- goedgeorganiseerde ouerverenigings bestaan".

* Gebrekkige kommunikasie tussen die staat en die ouers. Nadat die ower= heid belanghebbende instansies die geleentheid gebied het om kommentaar op die RGN-onderwysverslag en die Witskrif van die Regering te lewer, kon die ouers nie geraadpleeg word nie omdat daar geen instansie was wat 'n gemeenskaplike ouerstem kon oordra nie.

* Gebrekkige kommunikasie tussen ouers en die onderwysprofessie. 'n Doel= treffender wisselwerking ten opsigte van die opvoeding van die ouer en die professioneel-opgeleide onderwyser was noodsaaklik, omdat hierdie wisselwerking, volgens Eloff (1982: 20) veel te wense oorgelaat het.

* Swak ouerbelangstelling ten opsigte van statutêre liggame (skoolkomi= tees, beheerrade, adviesrade, skoolrade). Volgens Eloff (1982: 20) het

skoolhoofde in daardie stadium dwarsdeur die land getuienis gelewer dat 'n klein persentasie ouers die ouerkorps se onderwysbelange by die skole behartig het.

* Ander samelewingsverbande is goed georganiseer. In die RSA was die skool, die staat en die kerke almal baie goed georganiseer ten opsigte van hulle onderwysbelange. (Eloff, 1982: 21). Volgens Eloff moes die ouers, juis vanweë die nuwe staatkundige en onderwysbedeling wat op hande was, met die hulp van 'n goed georganiseerde landwye ouervereni= ging hulle Godgegewe (en deur die samelewing geëisde) verantwoordelik= heid ten opsigte van die opvoedende onderwys van hulle kinders nakom.

Een van die belangrike gevolgtrekkings waartoe Eloff (1982: 24) gekom het, is dat daar teen 1982 nog "'n baie groot leemte ten opsigte van ouerbetrokkenheid in die *wesentlike* van die onderwys, naamlik die lewensbeskoulike en soms selfs die godsdienstige" bestaan het. Hy sluit sy referaat af met 'n paragraaf onder die volgende opskrif:

- "Riglyne vir ouerorganisasie ter bereiking van ons doelstelling (m.a.w. Hoe moet ons daar kom?)"[1)]

** In sy referaat oor onderwyserbetrokkenheid by opvoedende onderwys, wys Van der Merwe (1982: 3) daarop dat die Afrikaner deur sy geskiedenis heen afgestem was op kultuurgebonde en volksgebonde onderwys, wat op hulle beurt die besondere siening van die Afrikaner gesterk het dat in die skool die opvoeding van die ouerhuis voortgesit moes word. Die onderwyser moes in sy opvoedende onderwys nie net by die gees en rigting en lewensopvatting van die Christen-Afrikanerouer aansluit nie, maar hy moes as volksopvoeder die kind vir die ganse lewe voorberei.

Ten slotte word in verband met die Afrikaneronderwyskongres gewys op die kern van die finale besluite wat daar geneem is. Die finale besluite kom op die volgende fundamentele sake neer: die Kongres sou by die Regering aanbeveel dat:

"* die Afrikanerowerheid se onderwys 'n Christelike karakter moet dra;

---

1) Na hierdie referaat oor ouerbetrokkenheid, en ná verdere motivering deur inleiers het die kongres eenparig besluit dat 'n nasionale *Christelike* Afrikaanse Ouervereniging gestig moes word. (Kruger, 1983: 36).

* die ouers van 'n skool verantwoordelik moet wees vir die bepaling van die gees en rigting daarvan[1];
* dit elke kind se geboortereg is om opgevoed te word in die gees en milieu van sy kulturele erfenis, en
* die beginsel van moedertaalonderrig in die onderwys moet geld" (Postma 1983(a): 122).

5.3.4.3 Evaluering

Alhoewel die ouers indirek deur middel van ander liggame (vgl. paragraaf 5.3.4.2) op die Afrikaneronderwyskongres verteenwoordig was, het hulle in daar= die stadium nie 'n eie liggaam gehad wat hulle kon verteenwoordig het en hulle saak kon stel nie. Daarom was een van die verdienstes van die kongres dat daar 'n besluit geneem is om 'n Christelike Afrikaanse Ouervereniging te stig, want fundamenteel opvoedkundig beskou, is dit die primêre reg van ouers (in hierdie geval Christen-Afrikanerouers) om deur middel van so 'n verteenwoordigende lig= gaam seggenskap en inspraak tot op die hoogste vlak by die opvoedende onderwys van hulle kinders te hê. Dieselfde reg kan deur ouers met ander (nie staats= gevaarlike) lewensopvattings opgeëis en toegepas word.

Die onderwysers was goed verteenwoordig. Veral die rol wat die TO by die inisiëring, die verloop en by die besluitneming gespeel het, was prominent en van 'n leidende aard. (Postma, 1983(a): 121-122). By monde van Van der Merwe (1982: 3) het die georganiseerde onderwysprofessie die reg van die ouers om die gees en rigting van hulle kinders se skole (in samewerking met die on= derwysers) te bepaal, erken. Hierdie standpuntinname van die onderwysers is dus in ooreenstemming met die samelewingsteoretiese model wat in Hoofstuk 3 (paragraaf 3.3.3.5.2) omlyn is, naamlik dat die onderwysers die professionele opvoeders is wat primêr die logies-analitiese funksie van kinders (leerlinge)

---

1) 'n Belangrike sienswyse wat tot hierdie besluit bygedra het, was die stand= punt van die eerste inleier by Landman (1982: 16-17) se referaat, naamlik J.L. van der Walt wat gewys het op die onhoudbaarheid van (staats-) wet= like bepalings ten opsigte van die gees en rigting van skole. In plaas van Wet 39 van 1967 het hy die beginsels van religieuse en lewensbeskou= like differensiasie (RLD) soos die RGN dit in sy verslag in die beginsels vir onderwysvoorsiening, nrs 2, 3 en 8 baie duidelik geformuleer het (vgl. paragraaf 5.3.4.1) voorgestaan. Die beginsel van godsdiensvryheid vir elke ouergemeenskap kan slegs deur die toepassing van RLD tot sy reg kom. (Vgl. paragraaf 5.3.2.4 - evaluering).

moet ontsluit in ooreenstemming met die lewensopvatting van die skool se ouers.

Ten opsigte van die besluite wat op die kongres geneem is (vgl. p.166-167), geld hoofsaaklik dieselfde kritiek as wat teen Wet 39 van 1967 ingebring is. (Vgl. paragraaf 5.3.2.4). In die kongresbesluite is dieselfde teenstrydigheid as by Wet 39 van 1967 opgemerk, want gemeet aan die samelewingsteoretiese mo= del (vgl. paragraaf 3.3.1) het die staat 'n juridies-gekwalifiseerde kompeten= sieterrein en was dit prinsipieel nie in orde dat die kongres die regering moes versoek dat die onderwys 'n Christelike karakter sou hê nie. Die ouerhuis, wat eties gekwalifiseer is, en die skool met 'n logies-analities gekwalifiseerde ontsluitingsfunksie, mag wel op grond van hulle onderlinge vervlegtheid en on= derskeie strukture die gees en rigting van hulle skole bepaal. Die staat mag op grond van sy juridiese karakter die ruimte skep vir skole wat op hulle beurt onder leiding van die ouers 'n bepaalde lewensopvatlike karakter vir die bepaalde skole vasstel.

Laastens moet gekonstateer word dat hierdie besondere besluite van die kongres 'n voortsetting is van die Christelik-nasionale onderwyslyn in Suid-Afrika se onderwysgeskiedenis. Die CNO-beginsel verskans die Afrikanerouer teen aller= lei ander volksvreemde lewensopvattinge, dit is daarom te verstane (en te ver= skone) dat die Afrikanerkongreslede van 1982 CNO as onverhandelbaar beskou het.

### *5.3.5 Die Afrikaanse Ouervereniging vir Christelike Opvoeding en Onderwys*

#### 5.3.5.1 Die totstandkoming en amptelike erkenning van die Afrikaanse Ouer= vereniging vir Christelike Opvoeding en Onderwys

Soos dit in paragraaf 5.3.4.3 aangetoon is, is die eventuele stigting van die Afrikaanse Ouervereniging vir Christelike Opvoeding en Onderwys (AOV) eenparig op die Afrikaneronderwyskongres van Maart 1982 in beginsel aanvaar.

Daar was egter reeds voor diê kongres aanvoorwerk in verband met die stigting van 'n Afrikaanse ouervereniging gedoen. Gedurende die eerste fase van die RGN-ondersoek na onderwysvoorsiening in Suid-Afrika is verskeie instansies ge= nader om kommentaar te lewer op die voorgestelde onderwysbeginsels. Tydens hierdie beraadslagings waarby onder andere die IKKO verteenwoordig is, is op= gemerk dat die Christen-Afrikanerouers nie deur middel van 'n verteenwoordigende instansie of liggaam kon kommentaar lewer nie. (Kruger, 1986: 54).

In Transvaal het die TO die voortou geneem en op 13 Februarie 1982 in Pretoria 'n saamtrek gereël van ouerbeheerliggame in diê provinsie. By hierdie geleent=heid het H.O. Maree, voorsitter van die TO, in sy openingsrede (Transvaalse Provinsiale Ouerbeheerliggame - Saamtrek, 1982: Bylaag C) met die titel: *Die behoefte aan 'n nouer vennootskap tussen die ouergemeenskap en die onderwys*, op die volgende sake gewys:

* Afrikanerouers en -onderwysers moet steeds nouer saamwerk in hulle vennoot=skap ter wille van die opvoeding en onderwys van hulle kinders.

* Daar mag nie slegs op 'n *ad hoc*-basis gewerk word nie, maar veral die Afri=kanerouers[1)] moet op 'n permanente gestruktureerde basis betrokke raak by die opvoedende onderwys van hulle kinders.

* Om aan bogenoemde vereistes te voldoen, is dit nodig om 'n goed georganiseer=de Afrikaanse ouervereniging tot stand te bring.

Op hierdie byeenkoms van 13 Februarie 1982 is 'n komitee van sewe lede gekies om 'n program van aksie uit te werk. Die lede, wat in die verdere uiteindelike verwerkliking van die ouervereniging 'n leidende rol gespeel het, en ook by die Afrikaneronderwyskongres, was:

| Naam | Beheerliggaam |
|---|---|
| Prof. H.J.S. Stone | Hoërskool Waterkloof |
| Prof. H.B. Kruger | Potchefstroom Gimnasium |
| Prof. R. Botha | Laerskool Aucklandpark |
| Mev. M.W. de Witt | Laerskool Queenswood |
| Dr. R. Venter | Laerskool Louis Leipoldt |
| Mnr. D.C. Grobler | Hoërskool Bergsig<br>Laerskool Vastrap |
| Mnr. J.S. Swanepoel | Hoërskool Roodepoort |

1) In Transvaal het daar teen 1982 reeds twee Engelse ouerverteenwoordigende liggame, naamlik die Transvaal Association of School Committees, die As=sociation of High School Governing Bodies en op nasionale vlak die National Education Union of South Africa (NEUSA) bestaan (Transvaalse *Provinsiale* Ouerbeheerliggame-Saamtrek, 1982: Bylaag C: 6).

Die volgende belangrike stap wat geneem is, was die besluit van die Afrikaner=onderwyskongres om 'n Afrikaanse ouervereniging te stig. Veral verdien ver=meld te word die bydrae wat S.J. Eloff gelewer het met sy prinsipieel-gefun=deerde referaat getitel: *Ouerbetrokkenheid in die opvoeding en onderwys* waarna telkens in hierdie navorsing verwys word. Op die Afrikaneronderwyskon=gres is verteenwoordigers van die ouers vir die OVS, Natal en Kaapland verkies om saam met die bovermelde komitee van Transvaal 'n nasionale komitee te vorm.

Die AOV het, volgens Kruger (1986, onderhoud) inslag by die Christen-Afrikaner=ouers gevind en teen Januarie 1986 was daar reeds meer as 300 takke in Trans=vaal alleen gestig. Op amptelike vlak geniet die AOV sowel ondersteuning as erkenning.

In 'n brief van die Direkteur van Onderwys van die OVS, G.F. Heyns (1985.10.18), moedig hy die stigting van 'n Christelik-nasionale ouervereniging in die OVS aan by hoofde van alle skole, streekbeamptes (onderwys) en onderwysadviseurs.

Erkenning is op owerheidsvlak in Transvaal aan die AOV verleen in 'n brief van die Administrateur van Transvaal, W.A. Cruywagen, gerig aan die voorsitter van die AOV, H.B. Kruger, op 22 Mei 1985. Volgens hierdie brief van Cruywagen het die Uitvoerende Komitee van die Transvaalse Provinsiale Raad ingevolge artikel 6(h) van die Onderwysordonnansie 1953 amptelik erkenning aan die AOV verleen.

Volgens Kruger (1986, onderhoud) kon daar egter nog meer entoesiasme en meele=wing by die Afrikanerouers van veral Natal en die Kaapprovinsie, maar ook lands=wyd gewees het. Hierdie gebrek aan deelname aan die AOV wyt Kruger (1986, on=derhoud) aan onder andere die volgende faktore:

- Afrikaneronderwysers het in die verlede voortreflike Christelik-nasionale onderwys gegee.
- Wet 39 van 1967 maak voorsiening vir Christelike en nasionale onderwys.
- Eers wanneer die Afrikaner onder druk geplaas word, raak hy aktief by sulke bewegings betrokke (vgl. die Afrikaneronderwyskongres).

5.3.5.2 Die samestelling van die Afrikaanse Ouervereniging vir Christelike Opvoeding en Onderwys

Alle blanke persone wat die Grondwet van die Ouervereniging onderskryf, mag

lede word. (AOV-Grondwet, Artikel IV). Die Vereniging is 'n nasionale organi=sasie wat op plaaslike vlak (takke), gebiedsvlak (provinsiale) en nasionale vlak georganiseer word. (AOV-Grondwet, Artikel V).

Die Nasionale Hoofbestuur word saamgestel uit 23 lede wat deur die Gebieds=besture van Transvaal, die Oranje-Vrystaat, Natal, Kaapland en Suidwes-Afrika verkies word. (AOV-Grondwet, Artikel VII).

5.3.5.3 Grondslag, doel, bevoegdhede en funksies van die Afrikaanse Ouerver=eniging vir Christelike Opvoeding en Onderwys

* Grondslag (AOV-Grondwet, Artikel II)

  As grondslag word aanvaar:
  "1. Die Bybel as die onfeilbare Woord van God.
  2. Op grond van die Bybel: die belydenis van die absolute soewereini=teit van God Drie-enig oor die ganse skepping en oor die hele lewe van die mens op watter en in watter verband ook al.
  3. Die erkenning dat opvoeding en onderwys onafskeidbaar van mekaar is."

* Doel (AOV-Grondwet, Artikel III)

  "Die Vereniging stel hom ten doel om op 'n onafhanklike wyse en op sy eie terrein
  1. Christelike en Afrikanervolkseie opvoeding en onderwys op infor=mele, formele en nie-formele onderwysvlak te bevorder;
  2. die Afrikanerkultuur, -taal en -tradisies te veredel, bestendig en uit te bou;
  3. die ouer toe te rus vir sy ouerlike taak."

* Bevoegdhede en funksies van die Nasionale Hoofbestuur (AOV-Grondwet, Ar=tikel VII, no 1.3 en 1.4)

  Bepaalde-bevoegdhede en funksies van die Nasionale Hoofbestuur van die Af=rikaanse Ouervereniging vir Christelike Opvoeding en Onderwys word hier ge=gee omdat die Nasionale Hoofbestuur vir alle praktiese doeleindes die uit=voerende bestuur van die AOV is.

  Die bevoegdhede van die Nasionale Hoofbestuur behels die volgende:

  "1.3.1 Die Nasionale Hoofbestuur hanteer gemeenskaplike aangeleenthede en formuleer, die outonomie van gebiedsbesture in ag genome, breë nasionale beleid, en verrig al sodanige werksaamhede soos wat in

die Grondwet bepaal word.

1.3.2 Die Nasionale Hoofbestuur verteenwoordig die Christen-Afrikanerouer op nasionale vlak en tree op as verteenwoordiger en bedinger vir die algemene ideale en algemene belange van lede. Indien daartoe versoek deur 'n gebiedsbestuur kan dit ook partikuliere sake op ander vlakke hanteer."

Enkele relevante funksies van die Nasionale Hoofbestuur is:

"1.4.1 Die Nasionale Hoofbestuur onderhandel met die owerheid op nasionale vlak ter bereiking van die doelstellings van die Vereniging onder artikel III genoem.

1.4.2 Die Nasionale Hoofbestuur tree op nasionale vlak as mondstuk van die Christelike Afrikanerouers op."

5.3.5.4 Evaluering

Christen-Afrikanerouers het die inisiatief en aksie geneem om 'n ouervereniging te stig waarvan die grondslae, doelstellings, bevoegdhede en funksies in oor= eenstemming is met die lewens- en wêreldbeskouing van dié ouers. Die Grondwet van die AOV laat dan ook geen twyfel by enigiemand ontstaan oor wat die doel= stellings van die Vereniging in belang van die opvoedende onderwys van hulle kinders is nie.

Getoets aan die Skrifgefundeerde samelewingsteoretiese model wat in Hoofstuk 3 uitgestippel is (vgl. paragraaf 3.3.3), tree die ouers van die AOV binne hulle bevoegdheidsterrein op, en wel om die volgende redes:

* Die Christen-Afrikanerouers van die AOV behartig die belange van ouerhuise in die bepaling van die gees en rigting van opvoedende onderwys nie net op plaaslike en provinsiale vlak nie, maar ook tot op die hoogste owerheidsvlak.

* Hierdie ouervereniging verrig die (ouerlike) taak, naamlik die bepaling van die Christelike en nasionale opvoedende onderwys van hulle kinders, wat die owerheid met Wet 39 van 1967 eintlik buite sy bevoegdheidsterrein (vgl. paragrawe 3.3.1 en 5.3.2) behartig het.

* Laastens erken hierdie ouervereniging die God van die Heilige Skrif en by implikasie daarom ook die gelykwaardigheid van samelewingsverbande met elk= een sy eie soewereine terrein. Tog besef die AOV ook dat daar samewerkings=

terreine is. (Vgl. AOV-Grondwet, Artikel 11 no 2 en 3, paragraaf 5.3.5.3).

### *5.3.6 Die Witskrif oor onderwysvoorsiening in die RSA, 1983*

#### 5.3.6.1 Inleiding

Na die verskyning van die *RGN-Onderwysverslag* in 1981 en die *Tussentydse Memorandum* van die regering, is 'n tussentydse Onderwystaakgroep wat uit 19 lede bestaan het, deur die regering aangewys om die betrokke ministers[1] te adviseer oor die uiteindelike implementering van die aanbevelings soos vervat in die *RGN-Onderwysverslag* en die *Tussentydse Memorandum*.

Die Onderwystaakgroep se aanbevelings soos vervat in 'n dokument getitel *Advies van die Tussentydse Onderwystaakgroep na aanleiding van die Verslag van die Hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys en kommentaar daarop deur die publiek*, was die resultaat van 'n deeglike bestudering van kritiek en wenke van 221 instansies en individue vanaf Oktober 1981 tot Maart 1982. Hulle aan= bevelings is gegrond op elf beginsels van die RGN-Onderwysverslag wat deur hul= le aanvaar is en een saak, volgens Schutte (1984(b): 1), wat soos 'n refrein deurloop, is die kwessie van gelykmaking van fasiliteite, standaarde en pro= sedures ten opsigte van die onderwys van alle inwoners van Suid-Afrika.

Die *Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika, 1983* (hierna die 1983-Witskrif genoem) se inhoud stem in wese ooreen met die rig= lyne wat in die *Tussentydse Memorandum* uitgespel is, en aanvaar verder die hoofsake van die aanbevelings van die Onderwystaakgroep behalwe dat dit konse= kwent onderwys as 'n eie saak sien. Daar word telkens in die 1983-Witskrif (: 16; 17; 20) gekonstateer dat die Sentrale Regering dit aan die betrokke bevolkingsgroepe oorlaat om hulle eie heil uit te werk, dus 'n erkenning van die beginsel van kulturele differensiasie. Volgens Schutte (1984(b): 1) het die saak van religieuse en lewensbeskoulike differensiasie as implementerings= beginsel egter nie in die 1983-Witskrif tot sy reg gekom nie.

#### 5.3.6.2 Die 1983-Witskrif se bepalinge ten opsigte van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys

---

[1] Die Minister van Binnelandse aangeleenthede;
die Minister van Nasionale Opvoeding, en
die Minister van Onderwys en Opleiding

Ten opsigte van ouerseggenskap (i.c. ouerbetrokkenheid by skoolse opvoedende onderwys of ouer-onderwyserkontak) het die Regering in die 1983-Witskrif (1983-Witskrif: paragraaf 6.2(a): 20) die beginsel van kulturele differensiasie gerespekteer. Bogenoemde stelling word gemaak op grond van die regering se besluit dat "die bepaling van beleid vir die bestuur van skoleonderwys op die plaaslike vlak 'n aangeleentheid (is) wat vir elke bevolkingsgroep deur sy eie onderwysowerheid gehanteer sal word".

In paragraaf 6.2(b): 20 van die 1983-Witskrif aanvaar die regering die wens= likheid van ouerverteenwoordigende liggame op plaaslike vlak.

'n Verdere belangrike beginsel wat in die 1983-Witskrif beklemtoon word, is die devolusie van besluitneming na plaaslike ouerverteenwoordigende liggame.

Ten slotte word gewys op die besondere uitgangspunt van die regering dat "daar by plaaslike onderwysbestuursliggame op verantwoorde wyse 'n balans gevind (moet) word tussen die inspraak van die skoolhoof en die professionele opvoe= ders, die ouergemeenskap en die breër gemeenskap" (1983-Witskrif: 20).

Volledigheidsonthalwe word daarop gewys dat die georganiseerde onderwyspro= fessie "soos verteenwoordig deur erkende onderwysersverenigings, federale en/of uniale liggame en 'n registrasieraad met sy verskillende professionele beroepsrade, in onderwysbeplanning 'n aandeel sal hê en dat dit sal geld op al die vlakke van onderwysvoorsiening; ..." (1983-Witskrif: 13).

### 5.3.6.3 Evaluering

In die evaluering van 1983-Witskrif se bepalinge ten opsigte van ouer-onderwy= serkontak (i.c. ouerseggenskap in skoolse onderwys) word kortliks gelet op kritiek wat enkele instansies en 'n individu daaroor uitgespreek het. Die samelewingsteoretiese model wat in Hoofstuk 3 uiteengesit is, sal as toets= steen aangewend word om te bepaal of die 1983-Witskrif die weg oopgemaak het vir doelmatige ouer-onderwyserkontak.

Die Transvaalse Onderwysersvereniging (1983: 19) wil ouerseggenskap nie net op individuele grondslag uitgeoefen sien nie (dus op plaaslike vlak by indivi= duele skole nie), maar wel binne 'n bepaalde organisasie wat verkieslik statu= têr vasgelê moet word. So spel die TO dit duidelik uit dat die ouer se in= spraak oor aangeleenthede soos byvoorbeeld die kurrikulum na betrokke beplan=

nings- of navorsingsliggaam soos onder andere die kurrikulumsentrum op die eerste vlak hanteer behoort te word. (Landman, 1984: 13; Kritzinger, 1984: 67).

Gemeet aan die samelewingsteoretiese model soos uiteengesit in Hoofstuk 3 kan die volgende kommentaar gelewer word:

* Die moontlikheid vir die toepassing van kulturele differensiasie is inge= bou in die 1983-Witskrif, want die besluite van die regering in die Wit= skrif (1983: 20) is om die andersheid van die onderskeie kultuurgroepe wat elkeen sy eie onderwysowerheid mag hê te erken. Dit is dus moontlik dat elke kultuurgroep in ooreenstemming met sy eie kultuurkarakteristieke gebruike, gewoontes, tradisies en lewenswyses mag en kan opvoed. Die begin= sel van andersheid, uniekheid wat verband hou met die individuele faset van die werklikheid, word dus geëerbiedig. (Vgl. paragraaf 3.2.6.5).

* Die erkenning en toepassing van religieuse differensiasie word nie ekspli= siet in die 1983- Witskrif uitgespel nie. Tereg beweer Schutte (1984(b): 1) dat dit skyn asof daar in hierdie opsig, naamlik die moontlike wyses van implementering van religieuse (en lewensbeskoulike) differensiasie, nog 'n ver pad is om te bewandel. Vir ouer-onderwyserkontak sou die afwe= sigheid van veral religieuse differensiasie beteken dat ouers eventueel tevrede sal moet wees met óf enige godsdiens in hulle skole óf om hulle kinders na skole met vreemde godsdienstige opvattings te stuur óf dat hulle kinders in sogenaamde godsdienslose of neutrale skole sal beland. Vir die Christengelowige ouer sal dit onhoudbaar wees, want opvoedende onderwys sonder die erkenning van die soewereiniteit en almag van God en die wet van God vir opvoedende onderwys (vgl. paragrawe 3.2.2 en 3.2.3) is ondenk= baar en in werklikheid onmoontlik.

* Die beginsel van soewereiniteit in eie kring (vgl. paragraaf 3.2.4) word by implikasie deur die regering in die 1983-Witskrif (: 20) erken, want in die regering se aanbeveling onderskei hy in beginsel tussen die inspraak van die skoolhoof en die professionele opvoeders, en die ouergemeenskap en die breër gemeenskap by plaaslike onderwysbestuursliggame. Die kompeten= sieterrein van veral die professionele opvoeder (dit is die opgeleide on= derwyser) word sodoende erken en beskerm en hierdie beginselstandpunt van die regering, naamlik dat die balans ten opsigte van ouerinspraak by op= voedende onderwys op 'n verantwoorde wyse gevind en gehandhaaf moet word, hou die waarborg vir die onderwysers in dat hulle professionele status hoog geag en beskerm word deur die owerheid.

* Daar word egter in die 1983-Witskrif nie eksplisiet voorsiening gemaak vir ouerseggenskap en -inspraak op landwye georganiseerde basis en ouer= inspraak tot op die hoogste (eerste) regeringsvlak nie. Hierdie moontlik= heid vir die ouers om op 'n georganiseerde basis inspraak en seggenskap tot op alle regeringsvlakke insake die opvoedende onderwys van hulle kinders te verkry, word egter ook nie deur die regering in sy 1983-Witskrif verbied nie. Hiervan, naamlik dat die ouers mâg organiseer, is die stigting en funksionering van die AOV (vgl. paragraaf 5.3.5) 'n bewys. In elk geval hou die beginsel van devolusie van gesag in dat ouers eventueel hulle reg= matige betrokkenheid en seggenskap by opvoedende onderwys op plaaslike vlak (ook ten opsigte van die bepaling van die gees en rigting van hulle skole) kan en mag verkry en uitoefen. Die moontlikheid van steeds meer ouerseg= genskap op plaaslike vlak is ingebou in die beginsel van devolusie van ge= sag. Volgens Stone (1984: 2) hou devolusie van gesag juis in dat ouers van= af plaaslike vlak af boontoe moet organiseer om uiteindelik statutêre in= spraak te hê.

Die 1983-Witskrif bied dus aan alle volkere in Suid-Afrika die moontlikheid om elkeen op 'n eie kultuurtipiese manier hulle kinders te laat onderrig. Verder word die professionele status van die onderwyser erken terwyl daar geleenthede vir die ouers geskep word om veral die gees en rigting van op= voedende onderwys veral op plaaslike vlak te bepaal.

### 5.3.7 *Die Wet op die nasionale beleid vir algemene onderwyssake, No. 76 van 1984*

#### 5.3.7.1 Inleiding

Die *Wet op die nasionale beleid vir algemene onderwyssake* (Wet 76 van 1984) is 'n direkte uitvloeisel van die 1983-Witskrif (vgl. paragraaf 5.3.6), asook van al die voorafgaande werk wat deur die RGN insake onderwysvoorsiening in die RSA gedoen is. Die besluite wat die Afrikaneronderwyskongres (vgl. para= graaf 5.3.4.2) geneem het asook die aanbevelings van die Onderwystaakgroep het in wese gestalte gekry in Wet 76 van 1984, soos verderaan duidelik blyk.

#### 5.3.7.2 Bepalinge van Wet 76 van 1984 insake ouer-onderwyserkontak

In Wet 76 van 1984 word die elf beginsels waarvan daar sprake is in die RGN-onderwysverslag (1981: 14-16) in wese net so oorgeneem. Daar word prinsipieel

erkenning aan die volgende relevante sake in Artikel 2(d) van die wet verleen:

* Eenheid en verskeidenheid in die RSA

  Die RSA is saamgestel uit verskillende bevolkingsgroepe en beginsel (ii) bepaal dat "erkenning aan sowel die gemeenskaplikheid as die diversiteit van die religieuse en kulturele leefwyse" van die inwoners van die RSA ver= leen moet word.

* Keusevryheid van ouers

  Beginsel (iii) verleen erkenning aan die keusevryheid van die individu, ouers en organisasies met betrekking tot die skool wat hulle kinders moet bywoon.

* Ouerseggenskap by opvoedende onderwys

  Beginsel (vi) bepaal dat die individu, ouers en die gemeenskap saam met die staat medeverantwoordelik is vir die voorsiening van formele onderwys in die RSA.

* Professionele status van die onderwyser en dosent

  Die professionele status van die onderwyser en dosent word in beginsel (x) deur die regering erken.

Verder is Bepaling 3(b) van Wet 76 van 1984 ook vir hierdie navorsing van be= lang, want genoemde bepaling maak voorsiening daarvoor dat vier lede van die georganiseerde onderwysprofessie[1)] deur die Minister van die Staatsdepartement vir algemene sake verantwoordelik vir algemene onderwyssake in die Suid-Afri= kaanse Raad vir Onderwys (SARO) wat uit 26 lede bestaan, aangestel word. Die georganiseerde onderwysprofessie word dus verteenwoordig in 'n statutêre onder= wysraad wat bogenoemde Minister oor enige aangeleentheid rakende die volgende aspekte soos uiteengesit in Bepaling 2 van die wet, moet adviseer:

"(a) norme en standaarde vir die finansiering van lopende en kapitaalkoste van onderwys vir alle bevolkingsgroepe;

---

1) By georganiseerde professie word in Wet 76 van 1984 bedoel "die onderwys= professie, of 'n deel daarvan, soos verteenwoordig deur 'n onderwysersver= eniging of 'n federale of nasionale liggaam van onderwysersverenigings wat deur die Minister ... as verteenwoordigend van daardie professie of deel daarvan beskou word ..."

(b) salarisse en diensvoorwaardes van personeel;

(c) die professionele registrasie van onderwysers;

(d) norme en standaarde vir leerplanne en eksaminering, en vir sertifisering van kwalifikasies, binne die raamwerk van die volgende beginsels;" (waarna die elf beginsels volg wat vroeër in hierdie paragraaf ter sprake was).

5.3.7.3 Evaluering

Alhoewel Wet 76 van 1984 hoofsaaklik handel oor algemene onderwyssake, kom onderwys as eie saak vir elke bevolkingsgroep in die RSA in die elf beginsels eventueel tereg - die praktiese implementering daarvan berus by elke bevol= kingsgroep. In sy geheel gesien, kan die volgende kritiese kommentaar oor Wet 76 van 1984, met die samelewingsteoretiese model wat in Hoofstuk 3 ver= woord is as maatstaf, gelewer word:

* Die beginsel van soewereiniteit in eie kring (vgl. paragraaf 3.2.4) word erken in beginsel (ii) waar "die diversiteit van die religieuse en kulturele leefwyse" van die onderskeie Suid-Afrikaanse volkere in berekening gebring word.

  Die beginsel van universaliteit in eie kring (vgl. paragraaf 3.2.5) lê verder die beginselbepaling (ii) ten grondslag waar daar erkenning verleen word aan die gemeenskaplikheid van die Suid-Afrikaanse inwoners.

  Bogenoemde twee Skrifgefundeerde beginsels (vgl. ook paragrawe 3.2.4 en 3.2.5) wat in die grondslag van Wet 76 van 1984 erken word, maak hierdie wet vir Christen-gelowige ouers aanvaarbaar, maar terselfdertyd ook vir anders= gelowige ouers, omdat die staat sy juridiese bevoegdheid nakom deur ruimte vir die Suid-Afrikaanse volkere as geheel maar ook vir die afsonderlike Suid-Afrikaanse volkere as partikuliere groepe skep vir opvoedende onderwys.

* Die beginsels van keusevryheid van ouers (beginsel iii) en van ouerseggen= skap by opvoedende onderwys (beginsel (vi)) word deur die regering in Wet 76 van 1984 neergelê. Ten spyte van die feit dat daar nie eksplisiet in hierdie wet voorsiening gemaak word vir ouer-inspraak en -seggenskap tot op eerste regeringsvlak nie, word so 'n moontlike weg nie toegemaak nie; trou= ens, die erkenning van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in die twee bogenoemde beginsels maak die organisasie van ouers op nasionale vlak en

toekomstige eventuele inspraak tot op hoogste vlak moontlik. Ouers het dan ook al in hierdie verband inisiatief geneem, vergelyk byvoorbeeld die stig= ting, organisering en funksionering van die AOV. (Kyk paragraaf 5.3.5).

* Die professionele status van die onderwyser (en by implikasie dus sy be= voegdheidsterrein) word in beginsel (x) erken. Die waarde wat die staat deur middel van die sentrale owerheid heg aan die onderwysers en hulle be= roep, blyk verder uit die feit dat Bepaling 3(b) van die wet voorsiening daarvoor maak dat verteenwoordigers van die onderwysprofessie tot op die hoogste regeringsvlak die betrokke minister moet adviseer insake algemene onderwyssake soos uiteengesit in Bepaling 2 van die Wet. (Vgl. paragraaf 3.4.7.2).

Ten slotte: Wet 76 van 1984 is ten opsigte van die verwesenliking van die be= ginsels van soewereiniteit in eie kring, universaliteit in eie kring, ouer= betrokkenheid by opvoedende onderwys en onderwyserbetrokkenheid by die onder= wyswese die verwerkliking van 'n lang pad wat in die onderwysgeskiedenis in Suid-Afrika geloop is.

### *5.3.8 Gevolgtrekking*

Die promulgering van Wet 39 van 1967 (vgl. paragraaf 5.3.2) was die resultaat van die CNO-stryd wat teen 1910 oënskynlik doodgeloop het, maar steeds in die harte van Christen-Afrikanerouers geleef het. Afgesien daarvan dat die wet= like bepaling van Christelike en nasionale onderwys buite die bevoegdheids= terrein van die staat val, was Wet 39 van 1967 vir *daardie* tyd nodig en vir die meerderheid Blankes aanvaarbaar. (Vgl. paragraaf 5.3.2.4).

Die onderskeie ouerverteenwoordigende liggame (vgl. paragraaf 4.3.3) het die Christen-Afrikanerouers vir 'n tyd lank tevredegestel; trouens, Wet 39 van 1967 het 'n valse gerustheid by ouers en 'n klaarblyklike ontduiking van hulle ouerlike opvoedingsverantwoordelikheid teweeggebring. Die staat en die on= derwysers moes mos kragtens Wet 39 van 1967 sorg vir die Christelike en nasio= nale onderwys van hulle kinders.

Die besef by die Afrikaners dat daar geen Afrikaanse ouervereniging vir Chris= telike opvoeding en onderwys teen 1981 was om kommentaar te lewer op die RGN-onderwysverslag se beginselgrondslag nie, het die ouers wakker geskud en die AOV is op prinsipieel regverdigbare gronde gestig. (Vgl. paragraaf 5.3.5).

Die georganiseerde onderwysprofessie; daarenteen, het reeds sedert die einde van die negentiende eeu 'n prominente rol in die geskiedenis van die onderwys=wese van Suid-Afrika gespeel. (Postma, 1983(a)).

Al die werksaamhede van ouers, kerke, die staat en onderwysers het gekulmi=neer in Wet 76 van 1984, wat ruimte vir CNO geskep het; terselfdertyd die di=versiteit van religieuse en kulturele leefwyses van Suid-Afrikaanse volkere erken het. (Vgl. paragraaf 5.3.7.3).

Daar word ten slotte gekonstateer dat, ten spyte van die feit dat die ouers in die RSA nie deurgaans na behore by die opvoedende onderwys van hulle kinders betrokke was nie, die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlos=sing deur die genadewerking van die Heilige Gees die werksaamhede van die (Christelik-) nasionale regering sedert 1948 toe die Nasionale Party aan be=wind gekom het, so beheers het dat die onderwys steeds Christelik en nasionaal gebly het. Na die 1983-Witskrif en Wet 76 van 1984 sal elke bevolkingsgroep se ouers self hulle primêre opvoedingsverantwoordelikheid om die gees en rig=ting van hulle kinsers se skole te bepaal[1], moet nakom. Dit is betekenisvol dat die AOV reeds hierdie primêre opvoedingsverantwoordelikheid namens die Christen-Afrikanerouers opgeneem het. Dit staan, in ooreenstemming met die be=palinge van Wet 76 van 1984 ander bevolkingsgroepe vry om ook die weg van reg=matige ouerbetrokkenheid in al sy fasette by die opvoedende onderwys van hul=le kinders op te gaan. (Schutte, 1981: 2).

## 5.4 Ouer-onderwyserkontak in twee oorsese lande

### 5.4.1 Oriëntering

Die RSA met sy gedeeltelik Christelik-Westerse beskawing vorm deel van 'n gro=ter hedendaagse wêreld. Die RSA word deesdae in baie opsigte deur die wêreld gekritiseer en pogings word aangewend om die RSA polities, ekonomies en selfs opvoedkundig te isoleer. Tog beïnvloed oorsese lande Suid-Afrika, en andersom - vanweë bande wat nog bestaan maar ook deur middel van studiekontak, kommuni=kasiemedia en (opvoedkundige) geskrifte. As gevolg van hierdie wedersydse

---

1) Dit is wel so dat Wet 39 van 1967 nog steeds vir Blanke onderwys in die RSA geld, maar teen die tempo waarop konstitusionele veranderinge tans plaasvind, is dit onvoorspelbaar hoe lank die Blankes nog op hierdie wet sal kan staat maak.

beïnvloeding en omdat die RSA hom in 'n hoogs mededingende wêreld bevind, is dit noodsaaklik om ook ten opsigte van ouer-onderwyserkontak 'n oorsig te kry van die stand van sake in enkele oorsese lande. Sodoende kan ouerbetrokken= heid by skoolse opvoedende onderwys in die RSA teen 'n breër agtergrond ge= plaas en geëvalueer word met die oog daarop om eventueel moontlike verbeteringe in die huidige opset in te bou.

Die Verenigde State van Amerika (VSA), wat tans (1986) die leier van die Wes= terse magsblok is, en as sodanig groot politieke (en ook onderwys- en opvoed= kundige) invloed wêreldwyd uitoefen, word as een eksemplaar gekies. Daar word veral aandag geskenk aan die invloedryke Parent-Teacher Association (PTA) wat al sedert 1817 'n prominente rol in die onderwyswese van die VSA ge= speel het. (Kritzinger, 1984: 64).

Ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in die Bondsrepubliek van Wes-Duits= land word ook behandel omdat hierdie land toonaangewend in Europa is, en omdat ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in Wes-Duitsland 'n ander vorm aanneem as in die VSA. (Vgl. paragrawe 5.4.2 en 5.4.3).

Beide hierdie lande se ouer-onderwyserkontak met die nadruk op oueraktiwiteite word eksemplaries en oorsigtelik behandel. Daarna sal in elke geval kritiese kommentaar, op grond van die samelewingsteoretiese model wat in Hoofstuk 3 ge= formuleer is, gelewer word.

### *5.4.2 Ouer-onderwyserkontak in die Verenigde State van Amerika*

#### 5.4.2.1 Inleiding

In die VSA word gelyke geleenthede vir almal beoog en aangesien die demokra= tiese regte van die individu sterk voorrang geniet, word gelyke onderwysgeleent= hede sover moontlik vir alle Amerikaners geïmplementeer. (Barnard, S.S., 1981: 180; Hattingh, 1977: 100-104). In die VSA het die gemeenskap en veral die ouers 'n belangrike rol gespeel in die bereiking van demokratiese en gelyke on= derwysgeleenthede; daarom word die invloedrykste ouervereniging vervolgens onder die loep geneem.

#### 5.4.2.2 Die Parent-Teacher Association

Die amptelike naam van hierdie vereniging is volgens Kritzinger (1984: 64)

"The National Congress of Parents and Teachers" en bestaan reeds sedert 1817.

Volgens Sparling (1980: 23e.v.) het die PTA hom reeds sedert 1897 aktief be=moei met die kinders se opvoeding, welvaart en beskerming. Daar is letterlik 'n plek vir enigeen in die PTA. Sparling (1980: 24) beweer in die verband dat die Amerikaanse belastingbetalers geregtig is op demokratiese deelname en seggenskap ten opsigte van hulle kinders se opvoeding en onderwys. Primêr is ouers en onderwysers lede van die PTA, maar alleenlopende ouers, senior burgers, skooladministratiewe personeel ("school administrators") en hoër=skoolleerlinge ("high school students") mag almal lede van hierdie vereni=ging word. Dié vereniging het vaste studie- en werkkomitees wat onder andere karaktervorming, voorskoolse dienste en verkeersopvoeding behartig. Die PTA dien ouers en onderwysers en kinders op plaaslike, nasionale en staatsvlak. (Kritzinger, 1984: 64; Hattingh, 1975: 19).

Die organisasie van die PTA kom, volgens Buys (1986: 12) in hooftrekke op die volgende neer:

Die meeste skole in die VSA beskik oor 'n PTA-tak, waarvan die bestuur deur die ouers en onderwysers verkies word. Gewoonlik is die hoof van die skool voorsitter van hierdie plaaslike tak. Elke tak het werkkomitees om bepaalde programme en funksies te loods, byvoorbeeld skoolvoedings- en voorligtings=programme.

In die meeste skoolraadsdistrikte bestaan daar ook 'n PTA-raad wat 'n aantal PTA-takke saamsnoer en verteenwoordig. Elke sodanige raad het 'n president en 'n uitvoerende raad wat deur die bestuurslede van die PTA-takke verkies word. Plaaslike opvoedende onderwysprobleme en -aksies op distriksbasis word deur hierdie rade hanteer.

Uit die PTA-distriksrade word 'n Nasionale PTA-Raad saamgestel wat namens die ouers gereeld met die "State Department of Education" en die "State Board of Education" skakel om medebepalers met betrekking tot onderwysbeleid en admini=strasie op staatsvlak te wees.

In breë trekke kom die rol en die funksies van die PTA op die volgende essen=siële sake neer:

* Nouer kontak tussen ouers en onderwysers moet bewerkstellig word.

* Geestelike en opvoedkundige verryking van ouers en onderwysers lê op die weg van diê vereniging.

* Bewusmaking van die Amerikaanse ouer van die sleutelrol wat hy speel in die opvoeding van sy kind. So het die PTA verskeie programme, projekte en in=ligtingsmateriaal ontwerp en aan ouers beskikbaar gestel om van die ouers effektiewe vennote van die onderwysers te maak in die opvoedende onderwys van hulle kinders.

* Die PTA se rol in die hedendaagse samelewing in die VSA is veral noodsaak=lik, want die skool en ouerhuis en ander gemeenskapstrukture en samele=wingsverbande moet volgens Sparling (1980: 24-25) ten nouste koördineer, ter wille van die bekamping en voorkoming van bepaalde sedebederwende eu=wels soos:
  - geweld,
  - vandalisme,
  - pligsversaking ten opsigte van akademiese verantwoordelikheid en prestasie,
  - alkoholmisbruik en
  - dwelmmisbruik.

  Tereg konkludeer Sparling (1980: 25): "It is, therefore, important to rea=lize that only with a coalition of school, PTA, and community, united in porpose and action, can these difficulties be sucessfully addressed, let alone corrected."

* Veral die jong Amerikaanse ouers wat lede is van die PTA berus hulle nie meer by die funksie van blote fondsinsamelings nie. Hulle wil ook nie son=der meer skoolbeleid van owerheidsweë aanvaar nie. Sparling(1980: 26) stel dit soos volg: "What they *do* want is the opportunity to bring their own, informed opinions into an open discussion on school policies, programs, finances, and curricula with administrations, and to participate in making decisions on these matters[1]."

---

1) Ten opsigte van die doeltreffende funksionering van die PTA, moet vol=ledigheidsonthalwe opgemerk word dat Fernandez (1980: 19) wys op die verouderde strukture van die PTA wat meebring dat ouers self besef dat diê vereniging nie werklik doeltreffende deelname in besluitnemingspro=sesse het nie, dat ouers "do not want to be bored, manipulated, deceived, or used by the principal, staff, or the parent organization" nie.

### 5.4.2.3 Evaluering

Die lewensbeskoulike grondslae van die Amerikaanse samelewing, naamlik die onaantasbare regte van die individu wat behoue moet bly en gerespekteer moet word, asook die deursnee-Amerikaner se strewe na effektiwiteit, nuttigheid en prestasie is ook in die funksionering van die PTA waarneembaar.

Die PTA met sy demokratiese samestelling en "openhouse" - metode (McLemore, 1975: 37-40) is doelgerig daarop ingestel om die Amerikaanse kinders se op= voeding en welvaart te dien en te bevorder. Die PTA se werkwyse is nie luk= raak nie, maar gegrond op wetenskaplike ondersoeke en bevindinge.[1)]

Gesonde aanvaarbare beginsels (ook vir die Christen) lê die werksaamhede van die PTA ten grondslag, soos onder andere die vereniging se strewe om:

* die ouer as primêre opvoeder in ere te herstel;
* ouers en onderwysers opvoedingsmatig toe te rus en te verryk;
* hulp te verleen met opvoeding en onderwys;
* sedebederwende euwels te voorkom, en
* inspraak en seggenskap by onderwysowerhede vanaf plaaslike tot op nasio= nale vlak te hê.

Dit is egter duidelik dat die doelstellings en funksionering van die PTA slegs gedeeltelik beantwoord aan die beginselvereistes soos uiteengesit in die Chris= telike samelewingsteoretiese model waarin die soewereiniteit van God (vgl. paragraaf 3.2.2) erken word. Die pragmatiese (selfs pragmatistiese) uitgangs= punt van die PTA dat alle opvoedende onderwys in diens van nuttigheid, effek= tiwiteit en prestasie moet plaasvind, bring onder andere mee dat bepaalde fa= sette van die totale werklikheid wat deur God geskape is, verabsoluteer word. Dit is uit die uiteensetting van die samestelling, doelstellings en funksies van die PTA duidelik dat hierdie vereniging primêr in diens van die Ameri= kaanse samelewing funksioneer en dus humanisties gerig, in plaas van Godgerig en daarom ook naastegerig is.

---

1) So beweer Sparling (1980: 24) dat navorsing gedurende die afgelope 20 jaar "has demonstrated that significant improvements can occur when parents and school cooperate: growth in positive self-concept of both children and parents; acceleration in children's motivation to learn; advance in aca= demic achievement by children; better school attendence and study habits; and fewer discipline problems".

Fernandez (1980: 15-18)[1)] lewer self kritiese kommentaar op ouerbetrokkenheid in die VSA as hy daarop wys dat sommige ouers om bepaalde redes nie na behore betrokke is by die opvoedende onderwys van hulle kinders nie. Dit wyt hy on= der andere aan die prominente en selfs oorheersende rol wat een van die be= langrikste onderwysersverenigings, naamlik die National Education Association (NEA) ten opsigte van die onderwys in Amerika speel. So reël die NEA onder onderwysers stakings, wat ouers vervreem omdat hierdie optrede hulle kinders benadeel.

Aan die ander kant is dit ook so dat ouers soms te betrokke raak by die op= voedende onderwys van hulle kinders in die VSA. So wys Wicks (1977: 49) daar= op dat ouers direkte (professionele?) hulp aan onderwysers verleen by lees- en skryfonderrig, beroepsvoorligting en die bestudering van omstrede romans. (Vgl. ook Ainsworth, 1977: 6 in hierdie verband).

Uit die inligting waarna verwys is in laasgenoemde twee paragrawe is dit dui= delik dat daar iewers iets haper ten opsigte van die samewerking en vennoot= skap tussen ouers en onderwysers in die VSA. Met die samelewingsteoretiese model wat in Hoofstuk 3 as evalueringsmaatstaf omlyn is kan die volgende kri= tiese kommentaar oor ouer-onderwyserkontak ten opsigte van die onbetrokken= heid en oorbetrokkenheid van Amerikaanse ouers gelewer word:

* Die pragmatistiese instelling van die Amerikaners dat iets moet werk en nut= tig moet wees om waar/goed te wees, bring mee dat die doel meestal vir hulle die middel heilig. As onderwysers beding vir beter diensvoorwaardes (die doel) gebruik hulle enige (volgens die Christen prinsipieel ongeoorloofde) metode, soos stakings (die middel) om die doel te bereik. In hierdie proses vervreem hulle die ouers wat as primêre opvoeders van hulle kinders bekom= merd is oor die gladde verloop van hulle kinders se skoolse opvoedende on= derwys. Wanneer onderwysers besef dat hulle hulle roeping in verantwoor= delikheid teenoor God moet nakom en dat opvoeding ook naastediens tot eer van God is, sal hulle slegs van prinsipieel geoorloofde metodes waarby die

---

1) Fernandez (1980: 15) onderskei drie groepe ouers in die VSA ten opsigte van ouerbetrokkenheid:

- Die eerste groep ouers is gewillig om ten volle betrokke te wees by hul= le kinders se opvoedende onderwys.
- Die tweede groep se betrokkenheid is slegs periodiek en beperk ("limited").
- Die derde groep ouers staan afsydig en is selfs negatief ingestel teenoor ouerbetrokkenheid.

ouers ook betrek kan word, gebruik maak om hulle oogmerke te bereik.

* Dit blyk verder dat daar, sover vasgestel kon word, geen skerp omlyning van die kompetensieterreine van die ouerhuis (vgl. paragraaf 3.3.3.4) en die skool (vgl. paragraaf 3.3.4.4) deur Amerikaanse opvoedkundiges gegee word wat deur hulle ouerverenigings en onderwysersverenigings waarin respek= tiewelike die ouers en die onderwysers verteenwoordig word, toegepas word nie. Gevolglik vind daar in die VSA oorskryding van terreine plaas waar die on= derwysers alleen besluite in verband met stakings neem, terwyl hulle in der waarheid die ouerlike opvoedingsterrein betree. Ouers mag kragtens hulle ouerskap daarop reken dat onderwysers hulle moet help met veral die skoolse onderwysende aspek van opvoedende onderwys. Aan die ander kant is Amerikaanse ouers soms geneig om die professionele onderrig-leer-leerter= rein van die professioneel-opgeleide opvoeder (die onderwyser) (vgl. para= graaf 3.3.4.5.4) te oortree, soos aangetoon in die navorsing van Wicks (1977) en Ainsworth (1977). Sodanige oorskryding van bevoegdheidsterreine sonder om die samewerkingsterreine (vgl. Figuur 3.2) prinsipieel te omlyn, bring spanninge tussen Amerikaanse ouers en onderwysers mee.

Ten slotte moet vermeld word dat veral twee resente skrywers, ten spyte van bogenoemde kritiese kommentaar wat gelewer kan word, groot lof het vir die werksaamhede van die PTA. Kritzinger (1984: 64) wys daarop dat die PTA mag op nasionale en staatsvlak het en krag in sy individuele lede. Manning (1984: 52) beweer dat die Amerikaanse ouers, vaders sowel as moeders, deesdae deur die PTA groter verantwoordelikhede vir hulle kinders se opvoeding kan en mag aanvaar as in Amerika se verlede.

### *5.4.3 Ouer-onderwyserkontak in Wes-Duitsland*

#### 5.4.3.1 Inleiding

Om die Republiek van Suid-Afrika se situasie met betrekking tot ouerbetrok= kenheid by opvoedende onderwys in perspektief te sien, is dit noodsaaklik om 'n Wes-Europese land waarvan die ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in 'n groot mate ooreenstem met die stand van sake in Suid-Afrika (vgl. paragraaf 5.3.3), kortliks in oënskou te neem. Om bogenoemde rede en omdat die Bonds= republiek van Duitsland se ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys wesenlik verskil van diê van die VSA, word daar vervolgens kursories aandag gegee aan veral die wyse van ouerbetrokkenheid van Duitse ouers vanaf plaaslike vlak

tot op die hoogste regeringsvlak van die Bondsrepubliek.

Teen 1981 was in al elf *Länder*[1] voorsiening gemaak vir ouerbetrokkenheid in die plaaslike onderwysbesture. Wat verder van belang is, is dat ouers deur mid= del van die *Bund*-ouerkomitee (vgl. paragraaf 5.4.3.2), wat al elf *Länder* se ouers verteenwoordig, tot op die hoogste regeringsvlak oor opvoedende onderwys kan onderhandel. (Barnard, 1981: 200-203; Beattie, 1978: 43; Dekker, 1981: 78-81).

Hierdie toedrag van sake, dat ouers op 'n formeelgeorganiseerde basis (wat statutêre erkenning geniet) inspraak en medeseggenskap by die opvoedende on= derwys van hulle kinders in Wes-Duitsland verkry het, is te danke aan verskeie faktore (Beattie, 1978: 43):

* Reeds sedert die Weimar Republiek is daar in die destydse Grondwet (1949) voorsiening gemaak vir die demokratiese regte van ouers ten opsigte van hulle kinders se onderwys.

* Die erkenning van ouerregte het gekom in reaksie teen die Nazi-rêgime van Hitler.

* Sedert die laat sestigerjare, toe studenteopstande wat teen die regering= stelsel van Adenhauer gemik was aan die orde van die dag was, het die Duitse ouers ook daadwerklik op meer regte ten opsigte van die skoolse on= derwys aanspraak gemaak.

* Die Sosiaal-Demokratiese Party het in krag toegeneem en die verstewiging van demokrasie in die Bondsrepubliek het ook ouerseggenskap en -inspraak in onderwyssake bevorder.

* In die vroeë sewentigerjare het 'n Sweeds-Duitse Kommissie indringende ondersoek ingestel na ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys.

Teen 1981 het daar in die Bondsrepubliek van Wes-Duitsland, aldus Dekker (1981: 79-81), dus goed gevestigde ouerinspraak en -seggenskap ten opsigte van onderwys bestaan, soos in die volgende paragraaf aangetoon sal word.

---

1) Die regering van die Bondsrepubliek word op drie vlakke behartig: die *Bund*-regering, die *Länder* (state) en *Gemeinden* (plaaslike besture) (Barnard, 1981: 198-199).

### 5.4.3.2 Ouerverteenwoordiging in die *Rynland-Pfalz*

Aangesien die Rynland-Pfalz 'n tipiese voorbeeld van 'n Duitse *Land* is, word ouerverteenwoordiging in diê betrokke *Land* as eksemplaar geneem en in meer besonderhede uiteengesit en in paragraaf 4.4.3.3 geëvalueer. (Dekker, 1981: 80-81; Barnard, 1981: 202-203).

Ouerbetrokkenheid en -seggenskap word in die Rynland-Pfalz in verskeie vlakke verdeel, naamlik:

* die klasouerkomitees *(Klassenelternversammlung)*,
* die skoolouerkomitees *(Schulelternbeirat)*,
* die distrikouerkomitees *(Bezirkselternbeirat)*,
* die *Land*-ouerkomitees *(Landeselternbeirat) en*
* die *Bund*-ouerkomitee *(Bundeselternrat)*.

* Die klasouerkomitees

  Hierdie komitees moet sorg vir samewerking tussen die klasonderwysers en -ouers. Hulle funksies kom hoofsaaklik neer op advies en steun vir die kinders en onderwysers van die klasse en 'n voorsitter word vir hoogstens twee jaar uit eie geledere benoem.

* Die skoolouerkomitees

  Dit is verpligtend dat elke skool 'n skoolouerkomitee moet hê. Hierdie komitees bestaan elk uit ten minste drie en hoogstens twintig lede en word vir 'n tydperk van twee skooljare verkies. Hulle belangrikste funksies is om die onderwysaangeleenthede van die hele betrokke skool te bespreek en om sodoende die onderwysbelange van hulle onderskeie skole te behartig.

* Die distrikouerkomitees

  Verkies uit spesifieke goewermentsdistrikte, soos byvoorbeeld in Koblenz bestaan diê komitee uit 17 lede en diê lede is verteenwoordigers van die verskillende skoolouerkomitees. Die funksies van die distrikouerkomitees kom hoofsaaklik op die volgende neer:

  - hulle moet die werk van die skoolouerkomitees ondersteun en koördineer, en
  - hulle moet verder die skoolowerheid oor algemene vraagstukke met betrek= king tot onderwys, onderrig en skoolorganisasie adviseer.

* Die *Land*-ouerkomitees

Die *Land* -ouerkomitees word uit 27 verkose lede saamgestel wat vir 'n tydperk van drie skooljare dien. Die voorsitter van dié ouerkomitee verteenwoordig die komitee by die Minister van Onderwys, wat sy goedkeuring aan alle be=sluite van die komitee moet heg. Die land se Minister van Onderwys mag ook die vergaderings van hierdie komitee bywoon en daaraan deelneem. Die funksies van die *Land*-ouerkomitees kom onder andere op die volgende neer:

"** die vasstelling van die grondbeginsels insake die inhoud van die on=derwys;
** die bepaling van die duur van die skooljaar en -vakansies;
** die uitoefening van beheer oor die invoer van skoolhandboeke, en
** hulpverlening by die opstel van skool- en eksamenreëls." (Dekker, 1981: 81).

* Die *Bund*-ouerkomitee

Sedert 1968 verteenwoordig die *Bund*-ouerkomitee al die *Länder* in die Bonds=republiek van Wes-Duitsland. Die *Bund*-ouerkomitee is invloedryk en kan op hoë regeringsvlak onderhandel met die Bondsministerie van Onderwys en We=tenskap en die *Bund-Länder-Kommission* oor beleidsake, soos byvoorbeeld oor die eksaminering van leerlinge aan die einde van die senior sekondêre skoolfase en oor die universiteitstoelatingsvereistes.

5.4.3.3 Evaluering

In die Bondsrepubliek van Wes-Duitsland is daar, soos dit uit die vorige paragraaf blyk, goed georganiseerde ouerverteenwoordigende liggame vanaf plaas=like tot op sentrale owerheidsvlak. Daar bestaan in Wes-Duitsland dus ampte=like erkende kanale (statutêre ouerverteenwoordigende liggame), deur middel waarvan ouers hulle opvoedingsverantwoordelikhede ten opsigte van hulle kin=ders kan uitleef.

Wanneer daar egter krities gekyk word na die samestelling en funksionering van die ouerrade in die Bondsrepubliek, kan die volgende kommentaar, met die samelewingsteoretiese model wat in Hoofstuk 3 uiteengesit is as toetssteen, gelewer word:

* Die ouerverteenwoordigende liggame is in 'n groot mate nog onderhorig aan

die staat[1] en tereg beweer Beattie (1978: 4) dat die Wes-Duitse ouerver= teenwoordigende liggame dikwels deur politieke partye gemanipuleer word. Die staat is dus geneig om sy kompetensieterrein (vgl. paragraaf 3.3.1) ten koste van die ouerhuis se opvoedingsverantwoordelikheid te oorskry.

* Ten opsigte van die eerbiediging van die bevoegdheidsterreine van verskil= lende samelewingsverbande, kan ook nog die volgende besware ingebring word:
  - ouers mag nie op die professionele terrein van onderwysers inmeng of voor= skryf nie, en dit is klaarblyklik wat mag/kan gebeur in Wes-Duitsland waar ouers saam mag besluit oor skoolleerinhoude, eksaminering en uni= versiteitstoelatingsvereistes. Dit is, soos aangetoon in paragraaf 3.3.4.5.4, die taak van professioneel-opgeleide onderwysers om oor alle aangeleenthede rakende die onderrig-leer faset van skoolse opvoedende on= derwys besluite te neem en ten uitvoer te bring.

* Alhoewel Wes-Duitse ouers die keuse het ten opsigte van in watter skool hulle hul= le kinders mag plaas, word daar nêrens in hulle funksie-omskrywings aangedui dat hulle die gees en rigting van die skole mag of moet bepaal nie. Dit lyk asof die skole en onderwysersverenigings[2] ook, ten opsigte van hulle gees en rigting, net soos die ouerliggame deur die staat gerig word. Die ouers kan dus nie hulle religieus-etiese (opvoedings-) roeping (vergelyk paragraaf 3.3.3.5.2), naamlik om toe te sien dat die skool nie 'n ander le= wensopvatting huldig as die ouers nie, nakom nie. Hierdie toedrag van sake kan lei tot politieke indoktrinasie van ouers en skole, wat nie op die weg van suiwer opvoedende onderwys lê nie, aangesien die opvoedende onderwys in skole primêr gerig moet wees op die ontsluiting van die logies-anali= tiese funksies van die leerlinge.

* Ten slotte moet gekonstateer word dat die grootste enkele dwaling wat ouer-onderwyserkontak in Wes-Duitsland ten grondslag lê, te vinde is in die feit dat die Bondsrepubliek se totale onderwyswese mank gaan aan 'n erkenning van die beginsel dat God die soewereine skepper en onderhouer is van die totale

---

1) Nêrens het ouerverteenwoordigende liggame in Wes-Duitsland, sover vasge= stel kon word, meer as adviserende en onderhandelingsmag ten opsigte van onderwysaangeleenthede nie (vgl. paragraaf 5.4.3.2).

2) Vergelyk navorsing wat in hierdie verband deur Hattingh, (1977: 98-100) gedoen is asook Dekker (1979: 506) en Postma (1983(a): 59-62). Dekker (1979: 506) wys daarop dat die Wes-Duitse wette dit onomwonde neerlê dat onderwysersverenigings geen direkte aandeel mag hê waar dit wetlike regulasies geld nie.

werklikheid en daarom ook van al die samelewingsverbande en dat die mens nie 'n enkele samelewingsverband as die oorheersende verband (i.c. die staat in Wes-Duitsland) mag verhef nie (vgl. paragraaf 3.2.2).

### *5.4.4 Vergelykende oorsig en evaluering*

Dat ouers as primêre/eerste opvoeders van hulle kinders betrokke moet wees en wel is by die skoolse opvoedende onderwys van hulle kinders, kom sterk na vore in die onderwyswese van sowel die RSA, die VSA as die Bondsrepubliek van Wes-Duitsland. Dit is verder duidelik dat in al drie bogenoemde lande ouerbetrok=kenheid by opvoedende onderwys bepaalde positiewe bydraes gelewer het rakende die algemene opvoedende onderwys van die kinders:

* In die RSA het ouers daarvoor gesorg dat daar veral omgesien is na die gees en rigting van hulle kinders se skole. (Vgl. paragraaf 5.3.8).

* Die VSA se ouergemeenskap het tot op hede baie vermag deur middel van die PTA op nasionale en staatsvlak ter bevordering van effektiewe opvoeding en onderwys. (Vgl. paragraaf 5.4.2.3).

* Die amptelike erkende ouerliggame in Wes-Duitsland kan tot op die hoogste owerheidsvlak oor die opvoedende onderwys van hulle kinders onderhandel en aanbevelings maak. (Vgl. paragraaf 5.4.3.2).

Die wyse van ouerbetrokkenheid by skoolse opvoeding en onderwys in die drie lande het egter ook identifiseerbare gebreke, getoets aan die samelewingsteore=tiese model wat in Hoofstuk 3 uiteengesit is, naamlik:

* Waar samelewingsverbande hulle kompetensieterreine oorskry, soos in die RSA waar ouers en kerke te veel seggenskap by die aanstelling van onderwyswers in bevorderingsposte wou verkry (Van Staden, 1974: 30); in die VSA waar ouers die professionele onderrigterrein van onderwysers betree (vgl. para=graaf 5.4.2.3) en in Wes-Duitsland waar die staat die onderwyswese oorheers (vgl. paragraaf 5.4.3.3), kom die beginsel van soewereiniteit in eie kring in gedrang (vgl. paragraaf 3.2.4). Dit, naamlik dat die onderskeie same=lewingsverbande nie mekaar se bevoegdheidsterreine respekteer nie, het gelei en lei tans nog tot konfliksituasies wat nie bevorderlik vir die skoolse opvoedende onderwys van kinders is nie.

* Waar die soewereiniteit en almag van God en sy wet (vgl. paragrawe 3.2.2 en

3.2.3) nie as vaste beginsels aanvaar word en in ag geneem word nie, kan niks (ook nie skoolse opvoedende onderwys nie) ten volle gedy nie. Die negering van God as soewereine skepper, ook van samelewingsverbande, bring mee dat die mens verkeerdelik iets uit die kosmos verabsoluteer en veraf= god. So is byvoorbeeld onderskeidelik in al drie bogenoemde lande by ge= leentheid óf die staat óf die ouerhuis óf die kerk óf die skool se rol in die samelewing oorskat met die verwagte belemmering van die vlotte voort= gang van opvoedende onderwys wat daarop gevolg het.

Uit die kursoriese vergelykende oorsig van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in die VSA en die Bondsrepubliek van Wes-Duitsland kan die onderwys= wese in die RSA profiteer. So word dit duidelik dat daar veral twee nood= saaklike voorwaardes gestel en nagekom moet word vir sinvolle en geslaagde ouer-onderwyserkontak of ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys, naamlik:

+ Die soewereiniteit en almag van God en sy wet vir alle geskape dinge moet deur die mens erken en bely word.

+ Die wese van elke samelewingsverband wat ten nouste saamhang met die struk= tuur of bouplan van elkeen, moet bepaal word, sodat op grond van die kennis van die struktuur en wese of aard van elke onderskeie samelewingsverband, kompetensieterreine geïdentifiseer en geëerbiedig kan word.

## 5.5 Samevatting en evaluering

In hierdie Hoofstuk is aangetoon dat ouer-onderwyserkontak 'n werklikheid in die Suid-Afrikaanse onderwyswese se geskiedenis was sedert die volksplanting aan die Suidpunt van Afrika in 1652. Daar is verder daarop gewys dat ouerbe= trokkenheid by opvoedende onderwys as verskynsel hom op verskeie wyses onder invloed van veral twee religieuse grondmotiewe, naamlik die religieuse grond= motief van skepping, sondeval en verlossing deur die genadewerking van die Heilige Gees en die natuur-vryheid religieuse grondmotief (vgl. paragraaf 5.2.1) gemanifesteer het.

Dit het voorts duidelik geword dat veral die Christen-Afrikanerouers hulle nie kon versoen met die praktyk dat ouers slegs op plaaslike onderwysvlak verteen= woordiging in statutêre ouerliggame gehad het nie. (Vgl. paragraaf 5.3.3). Daarom is daar oorgegaan tot die stigting van die AOV in die RSA. (Vgl. para= graaf 5.3.5). Die AOV kan, uit die aard van sy samestelling en doelstellings, die besondere lewensopvatlike belange van die Christen-Afrikanerouers in die

Suid-Afrikaanse onderwyswese behartig. Die wyse van ouerbetrokkenheid soos deur die AOV voorgestaan en bedryf word, blyk prinsipieel in orde te wees, want getoets aan die vereistes soos uiteengesit in die samelewingsteoretiese model (Hoofstuk 3), beantwoord die AOV wesenlik daaraan.

Die uiteindelike promulgering van Wet 76 van 1984 was die klaarblyklike voor=lopige voltooiing van 'n lang pad wat in die onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika geloop is, want in hierdie wet word in beginsel ruimte geskep vir alle ouers in die RSA om in ooreenstemming met elke kultuurgroep se lewens- en wêreldbeskouing, betrokke te wees by die opvoedende onderwys van hulle kinders. (vgl. paragraaf 5.3.7.3).

Ten slotte is daar gewys op ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in die VSA en in die Bondsrepubliek van Wes-Duitsland. Na 'n evaluerende vergelyking tussen dié twee lande en die RSA se ouer-onderwyserkontak, het dit aan die lig gekom dat ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in die RSA, net soos in die VSA en Wes-Duitsland, nog meer verfyn kan word. Vir hierdie verfyning kan die samelewingsteoretiese model (vgl. Hoofstuk 3) as toetssteen gebruik word om uiteindelik fundamenteel-opvoedkundig verantwoorde en doelmatige ouer-onderwy=serkontak te bewerkstellig.

In Hoofstuk 6 word vervolgens enkele eksemplare op mikro-, meso- en makro-on=derwysvlak geëvalueer. Ouer-onderwyserkontak (i.c. ouerbetrokkenheid by op=voedende onderwys) soos dit op bogenoemde drie vlakke geoperasionaliseer word, word getoets aan die hand van die samelewingsteoretiese model soos uiteen=gesit in Hoofstuk 3.